


# MATIELAND

2 • 1 9 9 2








## U EKSKLUSIEWE KREDIETKAART MET UNIEKE VOORDELE

*Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.*

*Die Oud-Matiekaart bied u al die voordele van 'n gewone kredietkaart, en méér: u kry spesiale aanbiedinge, 1% laer rente op debietsaldo's, asook gratis vliegversekering en dekking vir mediese onkoste indien vliegkaartjies met die Oud-Matiekaart gekoop word.*

*Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.*

*Doen vandag nog aansoek om 'n Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede, of skakel (012) 317-0251 en kry die kaart wat u met trots kan gebruik.*

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart
Privaatsak X76037, Wendywood, 2144.

Naam ..............................................

Adres ..............................................

..............................................

..............................................

.................... Poskode ....................

Tel (W) .................... (H) ....................

VOLKSKAS BANK

**VERBIND TOT STAATMAKERDIENS**

9203872/KV/M

# MATIELAND

Jaargang 36 . 2 : 1992

## INHOUD

Redaksioneel ..... 3
Fokus op ..... 3
De Vries tree af in 1993 ..... 4
Van Wyk gaan Rektor word ..... 5
A communications first for the University ..... 6
Students get powerful computer ..... 7
Duur programmatuur vir Geologie ..... 7
Mikrobioloog kry gesogte SNO-toekenning ..... 8
R150 000 vir oorsese studie ..... 9
Suikersoet is nié so sleg nie, bewys navorsers ..... 10
S.P. Cilliers met twee bundels vereer ..... 12
Topnavorser uit VSA by Mikrobiologie ..... 12
Senous help landwyd met kennis en opleiding ..... 13
Oud-Maties wen Akademiepryse ..... 14
Tien Raadslede benoem ..... 15
Rus besoek Ingenieurswese ..... 16
Kanadese oudpremier by US ..... 16
Bulgare by sportkliniek ..... 16
Reünies op Oudtshoorn en Richmond ..... 17
Soologie vernoem sy stigter-professor ..... 18
Oudbibliotekaris met lokaal vereer ..... 18
Prof J.C. de Wet se naam leef voort ..... 19
Sendingweek raak duisende se lewens ..... 20
Kwarteeufees met konsert gevier ..... 21
Gholfspelers help met talle beurse ..... 22
Argitek presteer in publieke administrasie ..... 22
Afrika-besoekers by eeufees-simposium ..... 23
Fonds huldig Göldner ..... 23
Van ons donateurs ..... 25
Taalwetenskap aan US: woelig en welig ..... 26
Vervoerekonomie ingestel op groot veranderings ..... 26
Matie-rekenmeesters presteer ..... 28
Dosente, studente bou sterker bande met firma ..... 28
Huis in Holland se mense sê dankie ..... 29
In memoriam ..... 30
Een uit vyf eerstejaars is A-kandidate ..... 31



1ste in SA - bl. 6



Landwye hulp - bl. 13



Sendingywer - bl. 20

***Voorblad:*** *'n Deel van die Hugh Solomon-versameling in die J.S. Gericke-biblioteek se Africana-kamer. Lees op bl. 19 van die Africana-kamer wat oor baie dekades uitgebou is, nou sowat 17 000 versamelstukke bevat en wat onlangs na mnr Flooi du Plessis, 'n afgetrede hoofbibliotekaris van die Universiteit, vernoem is.* ***Foto:*** *Anton Jordaan, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US.*

***Matieland*** *word drie keer per jaar uitgegee, en word gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.*
***Redaksiekantoor:*** *Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch ☎ (02231) 774633/774851 Faks (02231)774499*
*Adreslys: ☎ (02231)774634*

***Redakteur:*** *Hans Oosthuizen* ***Ontwerp en uitleg:*** *Elmarie van der Merwe, Buvo, US.* ***Drukkers:*** *Nasionale Handelsdrukkery, Parow.*

# Hy is een van die gelukkiges wat 'n kans in die lewe gekry het.



Die Universiteit van Stellenbosch is bekend vir uitmuntende opleiding en navorsing. **USKOR**, klinieke en welsynsorganisasie van die Universiteit, lewer egter ook intensiewe gemeenskapsdiens met die uitsluitlike doel om die kosbaarste bate in ons land te ontwikkel: Mense.

Etlike duisende mense word elke jaar gehelp deur **USKOR** se mediese en maatskaplike diensprogramme. Hulle is mense in nood, maar mense met die potensiaal om volwaardige burgers van die land te word. **USKOR** help mense om hulself te help deur:

- Mediese Dienste
- Tandheelkundige Dienste
- Leierskapontwikkeling
- Vrywilligeropleiding
- Maatskaplike Gevallewerk
- Kleuterskole
- Naskoolversorgingsoorde
- Studiehulp Gesiggestremdes
- Opvoedkundige Jeugprogramme
- Onderwyshulp
- Gesinsprogramme
- Seniorburger-programme
- Werkswinkel vir Gestremdes
- Kultuurprogramme
- Voedingsprojekte
- Geletterdheidsprojekte

**USKOR** F1 088002930004, Victoriastraat 39, Stellenbosch 7600



MAITLAND

## 'n Belangrike bydrae - vir 'n ontwikkelende SA

Goeie onderwys en opleiding. Kennis en vaardighede wat doeltreffend aan die breë bevolking oorgedra word. Dít is belangrike voorvereistes waaraan ontwikkelende lande hulle voorspoed meet.

Die US wil ook geleenthede hiervoor help skep. Die Universiteit wil aan 'n regverdige en doeltreffende onderwysstelsel vir almal in die land help bou. En help om diens te lewer waar die grootste behoefte vir die oordra van kennis en vaardighede bestaan.

Met dié doel in gedagte het die US onlangs sy Sentrum vir Onderwysontwikkeling (Senous) ingestel.

'n Motivering vir die sentrum se stigting is 'n reeks uiteenlopende projekte en inisiatiewe wat US-personeellede in die afgelope jare landwyd met groot sukses aangepak het. Die sentrum koördineer dan ook alle US-kundigheid wat in hierdie opsig bestaan.


Om verskeie redes word die bestaande kundigheid nie altyd optimaal benut nie. Die sentrum stel hom dus ten doel om dié probleem te help uitskakel. Omdat daar aan 'n multi-dissiplinêre benadering voorkeur gegee word, kan kennis en ervaring uit verskillende studievelde aan die Universiteit by die projek betrek word.


Senous lê hom toe op die formele onderwyssektor (onder meer met die indiensopleiding van onderwysers, veral in opvoedkundig minder bevoorregte skole) en op die nie-formele onderwys (byvoorbeeld in die handel en nywerheid, waar daar 'n baie groot behoefte is).

Die sentrum se taak - soos wat hy dit in sy missie stel - is "noodsaaklik vir vooruitgang, voorspoed en 'n gelukkige en demokratiese samelewing." Vir die Universiteit bied die sentrum baie moontlikhede om ook buite sy tradisionele funksie van formele universiteitsonderrig voluit 'n rol te speel. M

## Fokus op ....


*Elana Meyer*


*Rick Mayhew*


*Herman Kotzé*


*Marianne Kriel*

Elana Meyer, Herman Kotzé, Rick Mayhew en Marianne Kriel... die vier Maties wat ingesluit is in die eerste Suid-Afrikaanse span om ná 32 jaar van internasionale isolasie aan die Olimpiese Spele te gaan deelneem.

**Elana Meyer** (25) is 'n M-student in die ekonomie, en seker die bekendste van dié vier top-Matie-sportlui. Sy het haarself reeds die afgelope ses jaar as die wêreld se vinnigste vrou in die 5 000 m onderskei. Haar tyd van 14:49,35 verlede jaar in dié afstand is sedertdien tot 14:44,15 verbeter, wat baie naby aan Ingrid Kristiansen se 1986-wêreldrekord van 14:37,33 is.

Meyer, wat ook die Afrika-kampioen in die 1 500 m is, het vroeër vanjaar die vinnigste tyd ter wêreld tot dusver vir 'n vrou in die 15 km padwedloop aangeteken.

**Herman Kotzé** (24) het vanjaar by die US toestemming verkry om ter wille van die "Olimpiese Droom" sy vierdejaarstudie in die geneeskunde te onderbreek - 'n waagstuk wat vrugte afgewerp het toe hy plek gekry het in die span na Barcelona.

Kotzé, seun van 'n voormalige US-geskiedenisdosent, wyle prof Dirk Kotzé, roei al van sy skooldae af ernstig en het hom sedert sowat 'n jaar gelede op snelroei begin toelê. In April vanjaar het hy die SA enkelkano-kampioen in die 500 m geword, en is ook die SA medekampioen in die 500 K2.

**Rick Mayhew** (21) is 'n tweedejaar-B.Econ.-student wat as seiljagvaarder na die Spele is. Rugby was sy gunstelingsport totdat hy hom ná 'n rugbybesering in Italië (en die waarskuwing dat hy permanente skade kan opdoen) op seil begin toelê het. Op skool het hy naas rugby en seilvaart ook vir waterpolo erekleure gekry.

Mayhew het met sy diensplig in die vloot waardevolle seilervaring opgedoen. As vereiste vir sy deelname in Barcelona moes hy sy universiteitstudie vir 'n semester onderbreek om strawwe internasionale ervaring in Europa op te doen. Hy en twee spanlede het in die Soling-seiljagklas by die spele meegeding.

**Marianne Kriel** (20) is 'n B.A.-eerstejaarstudent in die Bedryfsielkunde. Sy is die SA rekordhouer in die 50 m- en 100 m-vryslag en die 100 m-rugslag. Voordat sy 'n Matie geword het, het sy vir 18 maande aan die Southern Methodist University in Dallas, Texas, gestudeer en belangrike internasionale swemervaring opgedoen.


Sy is 'n baie veelsydige sportvrou, wat WP-skolekleure in gimnastiek, atletiek en netbal en reeds op skool Springbokkleure in tweekamp verwerf het. Met talent, toewyding én jeug in haar guns behoort sy (soos haar drie mede-Maties na Barcelona) by die 1996-Spele weer te kan meeding!

*Dié berig is met die ter perse gaan van *Matieland* geskryf, voordat die Spele in Barcelona begin het. M

# *De Vries tree af in 1993*

*'n Verbintenis van 42 jaar met die US*

Prof Mike de Vries gaan aan die einde van die eerste semester volgende jaar as Rektor en Visekanselier met pensioen uittree. Dit sal presies 14 jaar wees nadat hy op 1 Julie 1979 die leiding by die Universiteit oorgeneem het.



Hy sal dan 'n verbintenis van meer as 42 jaar met die US hê - sedert die begin van 1951 toe hy as skrander eerstejaar-B.Sc.-student van Barrydale af op Stellenbosch begin studeer het.

Nadat hy in 1953 B.Sc. met lof behaal het en twee jaar later ook 'n M.Sc.-graad in chemie op Stellenbosch verwerf het, studeer hy in Duitsland waar hy 'n skrale agt jaar ná die einde van sy skoolloopbaan 'n doktorsgraad met lof in Freiburg behaal.

In 1961 keer hy terug Stellenbosch toe, as senior lektor in die Departement Chemie. Drie jaar later, toe hy maar 30 jaar oud was, word hy professor in chemie en tien jaar later, in 1974, word hy dekaan van Natuurwetenskappe. Vanaf September 1976 was hy Viserektor - die tweede bekleër van dié pos ná prof Wynand Mouton, wat toe rektor van die UOVS geword het. (Sedert 1985 het die US twee viserektorsposte).

Prof De Vries was 46 jaar oud toe hy in 1979 die rektorskap by prof Jannie de Villiers oorgeneem het. Nadat dr J.S. (Kosie) Gericke die amp van Visekanselier van 1953 tot sy dood in 1981 beklee het, het prof De Vries die eerste US-rektor geword wat ook Visekanselier is.

"Mike de Vries is 'n universiteitsmens in die ware sin van die woord. Hy het die US in moeilike jare op 'n knap en vernuftige wyse gelei. Wat in sy dienstyd vermag is, is merkwaardig," het dr David de Villiers, voorsitter van die Universiteitsraad, gesê toe hy prof De Vries se beoogde uittrede aangekondig het.

Dr De Villiers het prof De Vries geloof vir die besondere leierseienskappe wat hy aan die dag gelê het. "Hy was vir Stellenbosch en die universiteitswese in die algemeen die regte man, op die regte plek, op die regte tyd."

Onder die hoogtepunte uit prof De Vries se ampstermyn is die Stellenbosch 2000-fonds wat hy in Augustus 1980 aangekondig het, wat veral ingestel is om navorsing en nagraadse onderrig aan die US te bevorder.

Die fonds se mikpunt was aanvanklik R20 miljoen maar dit is sedertdien twee keer verhoog en staan nou op R100 miljoen teen die einde van die eeu. Meer as die helfte van die R100 miljoenmikpunt is reeds ingesamel.

Toe prof De Vries in 1979 rektor geword het, was sowat 25% van die 11 604 studente nagraads. Nou is byna 28% van die Maties nagraads, terwyl 43,5% van die grade en diplomas wat vir 1992 toegeken is, vir nagraadse studie was.

Ook die akademiese gehalte van die US-studente het sedert 1979 gestyg. Toe het 63% van die eerstejaars 'n C-simbool en hoër in matriek gehad. Vanjaar is dié syfer 82,6%.

Die US se totale begroting het verlede jaar meer as R213 miljoen bedra, waarvan bykans R25 miljoen aan navorsing gegaan het, teenoor 'n totale begroting van sowat R39 miljoen (waarvan R2,34 miljoen aan navorsing) in 1979.

Op bestuursgebied is daar 'n tweede viserektorspos ingestel asook direkteure (met professorale status) vir navorsing, informasietegnologie, personeel, studentesake en biblioteekdienste.

Onder die verbeterings en uitbreidings aan geboue en toerusting wat onder prof De Vries se rektorskap tot stand gekom het, is die nuwe Universiteitsbiblioteek, wat in 1984 in gebruik geneem is - met van die voortreflikste geriewe denkbaar.

Ander geboue en geriewe wat sedertdien opgerig is, sluit in die B.J. Vorster-gebou (vir Lettere en Wysbegeerte), die US-Seminaarsentrum buite Stellenbosch, 'n geboukompleks vir die Bestuurskool as eerste ontwikkeling op die nuwe Bellvillepark-kampus, die nuwe Tygerberg-studentesentrum en die Danie Craven-stadion op Coetzenburg.

'n Bykomende US-proefplaas, Bonterivier, is ook aangeskaf en die Goldfields-koshuiskompleks asook Huis Macdonald en Lobelia is vir studentebehuising opgerig. Verlede jaar is die nuwe Universiteitsmuseum, wat die Sasol-kunsmuseum insluit, in die gerestoureerde ou Bloemhof-skoolgebou in gebruik geneem.

Omvattende restourasiewerk is verder aan talle US-geboue gedoen. Dit sluit onder meer in die Ou Hoofgebou, Natuurwetenskappegebou, De Beersgebou (Chemie), J.H. Neethling-, J.S. Marais- en A.J. Perold-geboue (Landbouwetenskappe) asook verskeie koshuise.

In sy termyn het prof De Vries saam met vier kanseliers gedien, nl. dr John Vorster, prof H.B. Thom, dr P.W. Botha en die huidige Kanselier, dr Jan van der Horst.

Prof De Vries is die langsdienende US-professor. Hy is ook, naas prof Derek Henderson van die Rhodes-universiteit, die mees senior universiteitsrektor in die land. M

# Van Wyk gaan Rektor word

## 1ste regsgeleerde wat die leiding neem



Presies twee jaar nadat prof Andreas van Wyk die viserektor (Bedryf) geword het, neem hy op 1 Julie 1993 die leisels as Rektor en Visekanselier by prof Mike de Vries oor. Tot dan sal prof Van Wyk van tyd tot tyd as Rektor en Visekanselier waaneem wanneer prof De Vries oorsee gaan en langverlof sal neem.

Prof Van Wyk is die eerste regsgeleerde wat aan die hoof van die Universiteit staan. Hy is een van Suid-Afrika se bekendste regsakademici.

Van 1966 tot 1984 was hy 'n dosent in die Fakulteit Regsgeleerdheid en het hy onder meer as dekaan en US-raadslid gedien. Einde 1984 is hy as Direkteur-generaal van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning aangestel - 'n pos wat hy tot sy terugkeer as US-regsdosent in Junie 1987 beklee het.

Hy is 'n gebore Transvaler wat matriek met sewe onderskeidings aan die Hoër Seunskool Helpmekaar in Johannesburg geslaag het en ook die provinsie se topmatrikulant was.

Daarna studeer hy op Stellenbosch, waar hy B.A. en LL.B. albei met lof behaal het. Hy het ook in Bonn, Duitsland, gestudeer en sy doktorsgraad in Leiden, Nederland, met lof behaal. Sy doktorale proefskrif het oor die bestuur van die huweliksgemeenskap van goedere in die Brasiliaanse, Nederlandse en Suid-Afrikaanse reg gehandel.

### Navorser

Prof Van Wyk is die skrywer van drie standaardwerke oor die Suid-Afrikaanse reg. Hy is 'n aktiewe navorser. Benewens sy eie publikasies was hy ook verskeie nagraadse studente se studieleier en het hy gereeld as eksterne eksaminator vir nagraadse studente aan ander universiteite opgetree.

As adviseur van die SA Regskommissie was hy medeverantwoordelik vir die opstel van die hoofbepalings van die wetgewing wat in 1984 gelyke regte aan die getroude vrou verleen het. Dit is grootliks op sy doktorale proefskrif gebaseer.

### Hervorming

As hoof van die Departement Staatskundige Ontwikkeling en Beplanning was prof Van Wyk ten nouste betrokke by talle hervormingstappe, veral die afskaffing van die paswette, die invoer van volle eiendomsreg vir swartmense, die rasionalisasie van die ou Departement van Samewerking en Ontwikkeling, die afskaffing van die ontwikkelingsrade, die skepping van 'n nuwe provinsiale stelsel, die skep van die streeksdiensterade en die aanvoorwerk vir onderhandelinge met die oog op 'n nuwe Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling.

In hierdie hoedanigheid het hy breë administratiewe en bestuursondervinding opgedoen. Hy was onder meer vir twee jaar verantwoordelik vir die grootste begroting van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement. In 'n stadium was hy aan die hoof van meer as 16 000 werknemers.

Vanweë sy akademiese agtergrond in die Handelsreg en sy praktiese bestuurservaring, is hy sedert sy terugkeer tot die akademie genader om intensief in die sakewêreld betrokke te raak. Hy dien nou in die direksies van Ou Mutual, Distillers Korporasie (as direksievoorsitter) en Boland Bank.

Prof Van Wyk het talle beurse en toekennings ontvang - ook van buitelandse instellings soos die Alexander von Humboldt-stigting in Duitsland en die United States-South Africa Leadership Exchange Programme. Hy tree gereeld by kongresse en aan ander Suid-Afrikaanse universiteite as spreker op en is ook reeds verskeie kere genooi om in die buiteland, onder meer in Brittanje, Duitsland en Nederland 'n spreker te wees.

### Verenigings

Voorts dien hy in talle nasionale en internasionale verenigings, as lid van die raad van die Universiteit van Zoeloeland (waaruit hy nou bedank het) en dié van die SA Kultuurhistoriese Museum en hy is 'n volle lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Sy stokperdjies sluit die lees van historiese biografieë en veral Suid-Amerikaanse letterkunde in. Hy luister graag na die musiek van Haydn, Handel en Mozart, en hou van stap en kreefuithaal aan die Kaapse weskus.

Prof Van Wyk se vrou, mev Magdaleen van Wyk (gebore Krüger) is lektrise in dieetkunde aan die US en 'n bekende skryfster van kookkuns-werke. Hulle het twee dogters, wat albei Maties is. Die oudste, Elizabeth, studeer in die regte, en haar suster, Louisa, is 'n talestudent. M

# A communications first for the University



*Mr Etienne Geyser (left), General Manager of Siemens' business system division, with Professor Mike de Vries, Rector and Vice-Chancellor, at the inauguration of the University's Hicom 300 system.*

***The University has become the first South African user of Siemens' latest development in telecommunications, the Hicom 300 integrated services PABX system.***

It was installed at the University in early April this year. The new system, the most modern of its type available in South Africa, is equipped with 2 200 telephone extensions and serves the entire Stellenbosch campus.

The University was given a preview of the Hicom 300 during the initial design stage in Germany in 1986 and subsequently decided to place an order with Siemens. The system was planned for installation once the relevant recommendations by CCITT, the international telecommunications committee, had been finalised. Meanwhile, a temporary network of three smaller Siemens digital PABX systems served the campus.

The University is now considering an offer to buy from Siemens one of the EM601 telephone exchanges which have been replaced by the Hicom 300, for installation on the Tygerberg campus. So far, this has been hampered by a lack of funds.

The Hicom 300 provides a single platform for all business communication services. In addition to sophisticated PABX features and a full range of digital telephones, the Hicom 300 offers store-and-forward fax and voice mail services, networking, telephone and traffic management, and automatic call distribution.

One of the highlights of the Hicom 300 is PABX and computer teaming (PaCT). This is the term used for computer-aided telephone communications.

The advantages of this concept lie in faster and more convenient telephone communication, for example by extending an incoming call as well as that caller's information to a telephone and computer terminal simultaneously prior to answering the call.

A further feature of PaCT is predictive dialling, where the computer decides who to call, sends this information to the Hicom 300 and only when the call is answered it is extended to a suitable answering position or agent. Busy and unanswered calls are identified beforehand and stored for further action.

"The Hicom 300 is truly a new concept in communication systems and is set to change the face of communications at the University of Stellenbosch", says Mr Etienne Geyser, General Manager, Business Systems Division at Siemens.

The University has further agreed to install, on an experimental basis, the first Claire telephone management system in the country. Siemens is marketing this locally on behalf of a British company, Databit. This enables the University to compare the Claire system to the integrated Hicom management system. The University has already had enquiries about the Claire system from some South African companies and from a major Brazilian telecommunications installation.

Siemens has donated to the University a number of digital telephones, which have been installed in the offices of senior staff members and central answering positions all over the campus. M

REALTY • 1
PROPERTY GROUP
NATIONALLY INCORPORATING ELK, DURR, A-GROUP, PARSONS, PEARSONS
Tel. (02231) 7-1205/6

Maak Stellenbosch u beleggingstuiste

Skakel ons vir professionele advies oor:

- verhurings
- woonstelle
- huise
- plase
- kleinhoewe

Senpergebou, Pleinstraat

ONS MAAK WERK DAARVAN

# Students get powerful computer



*With the new Tatung Sparc work station at the handing over ceremony, were (in front) Prof Theo von Backström, chairman of the Department of Mechanical Engineering, Mr Louis Schuermans, managing director of OpeNet Systems, and Mr Gustav van der Gryp, chairman of the CSS Group.*

The CSS group of companies - distributor of Tatung Information Technology products in South Africa - has donated a powerful Tatung Sparc work station to the University.

Because the emphasis at the University is on the exposure of students to advanced work station technology, the new computer has been allocated to the Department of Mechanical Engineering, mainly to be used by postgraduate students in Flow Mechanics to determine numerical flow and heat transfer.

To mark its tenth birthday celebrations, CSS has made similar donations to other South African tertiary educational institutions. Altogether ten computers, worth half a million rand, were donated to universities and technikons.

Mr Gustav van der Gryp, CSS Group Chairman, said it was decided to make a contribution to these institutions to compensate in some way for their decreased government subsidies. M



# Duur programmatuur vir Geologie



*Mev Lesley Jeffrey, rekenaarkonsultant van Gemcom, oorhandig die programmatuur aan prof Rozendaal. Agter is mnr Johan Swart, dr Ryno Scheepers, mej Carla Wessels en mnr Richard O'Brien wat die bekendstelling en opleidingseminaar bygewoon het.*

**Die maatskappy Gemcom, 'n afdeling van Steffen, Robertson en Kirsten Geotegniese Ingenieurs, het onlangs duur rekenaar-programmatuur aan die Departement Geologie geskenk.**

Die programme PC-XPLOR, PC-MINE en GEO-MODEL stel die departement in staat om gespesialiseerde opleiding te verskaf en navorsing te onderneem op 'n vlak wat voorheen nie moontlik was nie. Verskeie groot mynbou-groepe maak op 'n daaglikse basis gebruik van dié rekenaar-hulpmiddels, wat kommersieel bemark word.


Dié programmatuur is daarop gemik om die beplanning van eksplorasie- en mynbouprojekte te vergemaklik, die resultate twee- of driedimensioneel te projekteer en dit statisties te verwerk. Behalwe die berekening van ertsreserwes is die programme ideaal geskik vir navorsingsdoeleindes waar slegs boorgatgegewens gebruik word.

Die departement is nou al by verskeie sulke ekonomiese geologieprojekte betrokke en die programme kon dus dadelik gebruik word. Ons is baie dank verskuldig aan die bestuur en direksie van Gemcom vir dié skenking, sê prof Abraham Rozendaal van die departement se Afdeling Ekonomiese Sedimentologie. M

# Statistici byeen

*Prof Willie Conradie (links) van die Departement Statistiek is 'n lid van die SA Statistiese Vereniging se uitvoerende komitee wat onlangs by die Universiteit vergader het. By hom is mev Ilse Stander van die MNR se Biostatistiek-instituut, prof Walter Zucchini van die Universiteit Kaapstad wat president van die vereniging is, mev Lize-Marie Verhoef van Management and Business Statistics in Pretoria, en prof Kobus de Wet van Vista-universiteit, Bloemfontein.* M

# *Mikrobioloog kry gesogte SNO-toekenning*



**Prof Sakkie Pretorius van die Departement Mikrobiologie het 'n ontvanger van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se gesogte Presidentstoekenning geword.**

Die SNO gee sy Presidentstoekenning aan toppresteerders in die wetenskap en tegnologie, mense met uitsonderlike navorsingspotensiaal wie se werk in en buite Suid-Afrika 'n invloed sal hê, en wat die vermoë het om die volgende geslag wetenskaplikes goed op te lei.

Hy is die derde US-personeellid wat dié gesogte toekenning verower sedert dit in 1985 ingestel is. Die eerste was prof Henk Viljoen, voorheen van die Departement Chemiese Ingenieurswese aan wie dit in 1989 aangebied is, maar wat dit nie gebruik het nie omdat hy 'n navorsingspos in Amerika aanvaar het. Die ander een is prof Jannie van Deventer, voorsitter van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese, wat dit in 1990 verower het.

Benewens die Presidentstoekenning het prof Pretorius in 1990 sowel as vanjaar ook SNO-stipendiums ontvang. Die Presidentstoekenning geld vir vier jaar. Prof Pretorius kry in dié tyd sowat R750 000 vir navorsing van die SNO, waarvan sowat R300 000 vanjaar toegeken word. Dit het hom onder andere in staat gestel om 'n gesofistikeerde navorsingsapparaat bekend as 'n mikromanipulator-eenheid teen sowat R100 000 uit Frankryk te bestel.

Prof Pretorius is sedert 1987 'n US-dosent. Sy doktorsgraad het hy onder prof Julius Marmur van die Albert Einstein College of Medicine in die VSA behaal. Prof Marmur was in die sestigerjare die eerste om DNA (genetiese materiaal) te suiwer, die stringe van die dubbelheliks te skei (denatureer) en weer te renatureer. Prof Pretorius behou steeds noue samewerking met prof Marmur se laboratorium

Hy spesialiseer in molekulêre gisgenetika en lê hom veral toe op die genetiese manipulasie van industrieel belangrike giste. Rekombinante DNA-tegnieke word gebruik om molekulêre meganismes wat by geenregulering en proteïenuitskeiding betrokke is, te ontrafel. Prof Pretorius se Molekulêre Gisgenetika Navorsingsgroep bestaan uit vyf doktorale en drie M.Sc.-studente asook een honneursstudent.

'n Navorsingstrategie waarin 'n ewewig tussen fundamentele en toegepaste navorsing gehandhaaf word, is vir prof Pretorius van kardinale belang. "As deel van Afrika met sy nypende tekorte, en om homself in 'n veranderende wêreld te handhaaf, het Suid-Afrika sonder enige twyfel 'n dinamiese en doelgerigte navorsingsprogram nodig. Maar terselfdertyd moet die befondsing van fundamentele navorsing verskerpte aandag kry."

Om dié rede het hy aan die begin van sy navorsingsloopbaan besluit om hom toe te spits op mikroörganismes wat vir die nywerheid belangrik is, maar wat ook geskik is om fundamentele molekulêre meganismes in selle mee te ontrafel, sê prof Pretorius.

Die vanselfsprekende keuse was die gis *Saccharomyces cerevisiae*. "Dit word wêreldwyd as die belangrikste kommersiële mikroörganisme beskou en gebruik, want dit word al duisende jare met voedsel en drank soos brood, bier, wyn, proteïenaanvulling, geurstowwe en smaakmiddels geassosieer en word as 'n 'veilige' (nie-patogeniese) mikroörganisme beskou." Prof Pretorius sê *S. cerevisiae* deel terselfdertyd belangrike ooreenkomste met plant- en dierselle, wat dit die gewildste eksperimentele model vir fundamentele molekulêre en klassieke genetiese studies maak.

Met sy navorsingstema van "Genetiese Manipulasie van *Saccharomyces cerevisiae* Betreffende Polisakkariedbenutting" poog hy om binne sy navorsingsprogram 'n fyn balans tussen fundamentele en toegepaste navorsing te handhaaf. Polisakkariede soos stysel, pektien en sellulose is belangrike biologies hernubare bronne, terwyl gene wat vir ekstrasellulêre polisakkaried-degraderende ensieme in giste kodeer, nog nie deeglik bestudeer is nie.

Prof Pretorius spits dus sy navorsing toe op die beheer van geenregulering en proteïenuitskeiding in giste. Terselfdertyd poog hy om die genetiese potensiaal van *S. cerevisiae* uit te brei sodat dit in staat sal wees om polisakkaried-bevattende landbougewasse (soos mielies, graansorghum, vrugte en suikerriet) te benut vir die produksie van kommersieel belangrike kommoditeite (byvoorbeeld enkelselproteïen, etanol, versoeters en ensieme). M



# *Student skenk beursgeld*

*Mnr Tinus Meyer, wat kort voordat hy aan die einde van verlede jaar as dramastudent aan die Universiteit afgestudeer het, geld geskenk het vir 'n welwillendheidsfonds om behoeftige Matie-dramastudente te help. Dit staan as die Tinus Meyer-fonds bekend. Nog bydraes daarvoor sal waardeer word. Dit kan aan die Departement Drama gestuur word. Mnr Meyer is van Bellville afkomstig. Hy studeer vanjaar nagraads aan die Universiteit van Kaapstad en beoog om later ook in die buiteland te gaan studeer.* M

# *R150 000 vir oorsese studie*



Prof Jannie van Deventer, voorsitter van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese, is een van drie ingenieursdosente landwyd wat elk R150 000 van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling ontvang het om in die buiteland waardevolle nywerheidservaring te gaan opdoen.

Dit is die eerste keer dat dié toekenning gedoen word. Dr Louis van Biljon, Uitvoerende Direkteur: Nywerheid by die SNO sê. "Ons mikpunt is om uitstaande, geesdriftige dosente aan te moedig om 'n entrepreneursgees by ingenieurstudente te ontwikkel en vernuwende en skeppende denke te stimuleer."

Dié inisiatief kom uit die SNO se program wat gemik is op die ontwikkeling van tegnologiese menslike hulpbronne vir die nywerheid. Die toekennings stel die drie dosente in staat om elk vir minstens ses maande in lande van hul keuse aan die bedryf blootgestel te word.

Prof Van Deventer wil sy studieverlof in die eerste semester volgende jaar gebruik om die SNO-toekenning te benut. Hy beplan 'n besoek aan Europa, Amerika of albei.

Sy besoek sal moontlik toegespits wees op nuwe nywerhede wat gevestig word vir die toepassing van industriële prosesse wat met die mynbou en omgewingsbewaring verband hou - en wat onder meer met munisipale en mynbou-afvalverwerking te make het.

Voorverlede jaar het prof Van Deventer ook die SNO se gesogte Presidentstoekenning vir uitstaande jong navorsers gekry, kort nadat hy ook 'n SNO-stipendium verower het. Sy navorsing oor mineraalverwerking en veral goudekstraksie het al internasionale belangstelling uitgelok.

Prof Van Deventer is 'n US-dosent sedert 1981. Nadat hy in 1985 'n doktorsgraad in chemiese ingenieurswese aan die US behaal het, het hy in September verlede jaar by Unisa 'n tweede D-graad, in bedryfsekonomie, verwerf. Sy proefskrif hiervoor het gehandel oor tegnologiebestuur in die mineraalprosesserings-bedryf in Suid-Afrika en Australië.

Hy het al vir twee Australiese instansies as konsultant opgetree. In 1988 was hy besoekende professor aan die Curtin-universiteit in Wes-Australië. Hy het ook 'n aantal kongres- en studiebesoeke aan Europa, Brittanje en die VSA gebring. M


# PPS – Want Selfs In 'n Professionele Praktyk Kan Slim Steeds Sy Baas Vang

**PPS – Professionele Dekking Vir Beroepslui**

Die beste siekte- en ongeskiktheids-voordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed – die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.
**Alleenlik aan Gegradueerde Beroepslui beskikbaar.**
Spring reg weg . . . skakel PPS vandag.



PROTECTION-PROVIDENCE BESKERMING-VOORSORG PPS

Die Professionele Voorsienings-vereniging van Suid-Afrika
Posbus 6268,
JOHANNESBURG 2000
Telnr: 29-7863
Faks: 23-0088

COOLE 1273/C

# *Suikersoet is nié so sleg nie, bewys navorsers*

*Deur Susan Carstens*





*Mej Nina Muller (links) en mevv Ann Botha en Charlyn Vosloo, navorsers in voeding in die Departement Huishoudkunde.*

WIE sal dan nie - al is dit net so nou en dan, ter wille van die gesondheid! - deur 'n soetigheid verlei word nie?

Navorsing wil dat die smaakvreugde wat soetigheid verskaf by ons ingebore is, te oordeel aan die reaksie van pasgeborenes op 'n ou lekseltjie soet. Volgens ander, weer, word 'n liefde vir die soet smaak aangeleer. Hoe ook al, feit is dat soet vir die meeste mense nie sleg is nie.

Dit is oor die strepie soet in die resep dat die Departement Huishoudkunde van die US onlangs kontraknavorsing gedoen, en met interessante bevindinge vorendag gekom het. Kundiges by die departement het gebak, geproe en geëvalueer en waardevolle vergelykende inligting versamel oor die gebruik van sukrose of rietsuiker teenoor nie-voedsame versoeters in gekookte en gebakte produkte.

Ons leef in 'n tyd dat mense goed ingelig en bewus is van hul gesondheid. Mense is meer voedingsbewus as ooit in die geskiedenis. En 'n belangrike rede hiervoor is die rol van sukrose in oorgewig en die gesondheidsrisiko's en probleme wat oorgewig veroorsaak. En tog bly ons maar lief vir soet.

Bewus van hierdie tendense én van die feit dat smaakbevrediging ook vir dieetbewustes belangrik is, voorsien die voedselnywerheid in die verbruiker se behoefte deur die verskaffing van 'n verskeidenheid nie-voedsame versoeters. Ter wille van die smaakvreugde gebruik dieetbewustes dus eerder 'n nie-voedsame versoeter as sukrose in hul tee en koffie. "Nie-voedsame" word immers assosieer met "nie-kilojoule-bevattende".

Die vraag ontstaan of nie-voedsame versoeters werklik 'n gelykwaardige plek langs sukrose kan inneem en aanspraak kan maak op ál sukrose se voortreflike eienskappe wat deur die gaarmaakproses na vore gebring word. Die Departement Huishoudkunde is genader om hieroor uitsluitsel te kry.

Daar moes wetenskaplik bewys word of die aanspraak wat die verbruiker op die houer van sommige nie-voedsame versoeters lees, naamlik dat die produk ideaal vir kook- en bakdoeleindes is, wel, en ook in alle gevalle, geld.

Wetenskaplike navorsing oor die rol van nie-voedsame versoeters gedurende prosesse van kook en bak was maar karig en daarom kon 'n substansiële bydrae gelewer word.

Sukrose is vir die meeste van ons bloot 'n middel wat versoet, en vir daardie doel gebruik ons dit. Tog het dit ook 'n verskeidenheid ander funksies in veral die bakproses, en word beweer dat selfs al sou sukrose nié die eienskap gehad het om te versoet nie, dit nog steeds in die bakproses gebruik sou word.

Die reaksie van sukrosemolekule met sure, stysels, proteïene en ander voedingstowwe in die bereidings- en bakproses, besorg aan sukrose ook die eienskappe van rysmiddel, kleur-, versag- en bevogtigingsmiddel in gebakte produkte. Bemarkers van nie-voedsame versoeters voorsien geen voorskrifte vir die aanpassing van resepte om ook hierdie verskuilde funksies van sukrose te vervul nie.

Sukrose stabiliseer, bevorder die ligtheid, verhoog die volume en verbeter die tekstuur, sagtheid, effense klamheid, kleur en brosheid van gebakte produkte. Dit verbeter die tekstuur in gebakte produkte, suiker, sjokoladelekkergoed, suiwelprodukte en gevriesde nageregte; dit verhoog die volume in ander nageregte, gepreserveerde produkte en smere; dit is 'n bevogtigingsmiddel in gebakte produkte, verlaag die vriespunt van bevrore produkte, het osmotiese eienskappe in gepreserveerde produkte en smere en dien self ook as preserveermiddel. Dit verhoed ook wateruitskeiding in styseljels en die nadelige veranderinge in proteïenmolekules wat tekstuur benadeel.

Daarby bevorder sukrose die emulgering van vette deur onder meer die meganiese aksie van die

sukrosekorrels, asook die ontwikkeling van geure vanweë die chemiese reaksies wat tussen die sukrosemolekules en ander voedselbestanddele gedurende al die fases van die voedselvoorbereidings- en bakproses plaasvind.

Die navorsingsopdrag het die vergelyking van vier nie-voedsame versoeters in die bereiding van die produkte vla, botterkoek, sponskoek, gemmerbrood, sjokoladenagereg, brosbrood en hawermoutkoekies behels. 'n Paneel dieet- en huishoudkundiges is vooraf in drie sessies opgelei in die sintuiglike evaluering van die toetsprodukte.

En die uitslag? Ten opsigte van al die sintuiglike eienskappe wat getoets is - soetheid, nasmaak, voorkoms, saampersbaarheid, sagtheid, uniforme tekstuur, brosheid en klamheid - was die eindprodukte waarin sukrose gebruik is, meer aanvaarbaar. Daar is, afhangende van die spyskaartitem wat berei en die nie-voedsame versoeter wat gebruik is, soms groot verskille gevind tussen produkte wat met sukrose berei is en dié wat met 'n nie-voedsame versoeter berei is. Die vervanging van sukrose met nie-voedsame versoeters het die grootste nadelige uitwerking gehad op die sjokoladenagereg, spons- en botterkoek.

Die navorsing het getoon dat nie-voedsame versoeters nie sonder meer met dieselfde goeie resultate as sukrose in gebakte produkte gebruik kan word nie, en dat stellings soos "ideal for cooking and baking" op etikette vir die verbruiker misleidend kan wees.

Nie-voedsame versoeters wat tans te koop is, is bloot net dit: soetmaakmiddels. Sukrose versoet ook, maar besit ander nuttige eienskappe wat gebakte produkte verbeter. Die etikettering van nie-voedsame versoeters behoort dus weer onder die loep geneem te word om te verseker dat alle aansprake wat op die etikette gemaak word, wel geregverdig is.

Ander interessante kontraknavorsing wat onlangs deur die Departement Huishoudkunde gedoen is, is o.m. oor aartappels, vir 'n groot maatskappy in die voedselbedryf. Aartappels, veral kapokaartappels, is uiters nuttig om geregte te "rek" maar geen goeie kandidaat vir die vrieskas nie. Die departement het die vriesstabiliteit van 12 aartappelkultivars en teellyne geëvalueer op soek na die mees geskikte kultivar vir bevriesing in die vorm van kapokaartappels.

Ook die uitwerking van bestraling op aartappels is ondersoek. Omdat bestraling spruitontwikkeling van aartappels tydens opberging onderdruk, kan korttermynkoelopberging die winsgewendheid van die bedryf sterk beïnvloed. In dié verband is die uitwerking van bestraling op die totale reduserende suiker- en sukrose-inhoud van enkele aartappelkultivars ondersoek. Daar word 'n verband gelê tussen reduserende suikers en die bruin verkleuring in die bereiding van droë aartappelskyfies - die grootste probleem in die bereidingsproses.

Die navorsing het bevind dat bestraling van vars aartappels tot 'n swakker skyfie-eindproduk lei: die geur word benadeel en 'n gebrande, bitter smaak word ervaar as gevolg van die verbruining. Die beste gehalte aartappels is nodig vir geslaagde opberging en die beste skyfieproduk. Verdere navorsing kan ook gedoen word oor die beste gaarmaaktyd vir droë aartappelskyfies.

Op magistervlak word navorsing onderneem wat onder meer die volgende insluit:

- Die uitwerking van sout en oksideermiddels op die deegkwaliteit en broodvolume van standaard witbrood word vir 'n bekende maatskappy ondersoek.

- 'n Ander magisterstudie word tans onderneem om 'n inset te lewer vir 'n intervensieprogram van die Mediese Navorsingsraad om wanvoeding by swanger en lakterende vroue en jong kinders te bekamp. Die program is daarop gemik om voedingstekorte aan proteïene, energie en yster in die dieet aan te vul. Die Eierraad lewer sy bydrae tot die MNR se intervensieprogram deur 'n eierbevattende produk vir die doel te ontwikkel en het die Departement Huishoudkunde by die navorsing betrek. M

## *Skildery van ou geboutjie*



*Dr Jurgens Hanekom (links) van die Departement Sielkunde en die departement se voorsitter, prof Johan le Roux, by 'n skildery van die gebou waarin die departement gedurende 1943-'58 gehuisves was.*

*Cora Coetzee, 'n Oud-Matie wat op Stellenbosch grootgeword het en 'n boek met afdrukke van haar skilderye van Stellenbosse geboue uitgegee het, het die werk in opdrag van dr Hanekom en sy vrou, Helen, geskilder. Dit is aan die departement geskenk uit waardering omdat dit vanjaar 20 jaar is sedert hy as student sy verbintenis daarmee begin het. Die departement vier ook vanjaar sy driekwarteeufees.*

*Die ou geboutjie, vroeër die Koningin Victoria-hospitaal, is later gesloop. Nou is die C.G.W. Schumann-gebou van die Fakulteit Handel en Administrasie op dié perseel. Die Sielkunde-departement se huidige tuiste is daar naby in die Van der Sterr-gebou.* M

# S.P. Cilliers met 2 bundels vereer



Prof S.P. Cilliers, voormalige hoof van die Departement Sosiologie wat einde 1990 as dekaan van Lettere en Wysbegeerte afgetree het, is vereer met twee werke wat aan hom opgedra is.

Die een is 'n huldigingsbundel deur van sy vriende, kollegas, oudstudente en medewerkers, en die ander 'n keur uit sy artikels en referate oor 'n tydperk van dertig jaar.

Die twee prestigebundels is aan prof Cilliers oorhandig by 'n funksie wat saamgeval het met die afsluiting van die werksaamhede van die RGN-geborgde Navorsingseenheid vir Ontwikkelingsosiologie, wat sedert April 1981 onder prof Cilliers se leiding binne die Departement Sosiologie gevestig was.

Prof Cornie Groenewald, hoof van die departement, het die huldigingsbundel, *Sociological Perspectives: Essays in honour of S.P. Cilliers*, saamgestel. Dit bevat 16 bydraes. Die skrywers is almal verbonde aan verskillende prominente organisasies waarin prof Cilliers 'n beslissende aandeel geneem het.

Die eerste bydrae, deur dr Nic Olivier, 'n voormalige US-professor en latere politikus, bevat onder meer 'n oorsig van die gebeure wat daartoe gelei het dat prof Cilliers en 'n aantal ander Sabra-lede in 1960 uit dié organisasie bedank het. Dié geskiedenis word nou vir die eerste keer in besonderhede vertel.


Hierdie bundel bevat ook bydraes oor sosio-politieke en ontwikkelingsvraagstukke in Suid-Afrika asook die ontwikkeling van die sosiologie as 'n kritiese dissipline.

Die ander bundel, *S.P. Cilliers: Selected papers*, is deur mnr André Kellerman, 'n dosent in die Departement Sosiologie, geredigeer. Dit gee 'n aanduiding van prof Cilliers se belangstellings, openbare standpuntinname - veral as kritikus van die apartheidsbedeling - en vakbeskouing ten opsigte van die Sosiologie. Die werk bevat ook 'n bibliografie, curriculum vitae en waardering van prof Cilliers. Die Navorsingseenheid vir Ontwikkelingsosiologie is in 1981 ingevolge die SA Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing aan die US ingestel, met prof Cilliers as direkteur en op voorwaarde dat dit met sy uittrede sou ten einde loop.

Naas die RGN as hoofborg het die US, die Anglo American & De Beers Chairman's Fund en verskeie individue die eenheid ondersteun. Instansies soos die Landelike Stigting en Stedelike Stigting het bepaalde projekte ondersteun.

Die eenheid het 'n groot volume topgehalte-werk gelewer, waaronder 12 van die 16 geleentheidspublikasies wat die Departement Sosiologie sedert 1977 gepubliseer het. Arbeidsverhoudings, verstedeliking en landelike ontwikkeling was die eenheid se drie hooftemas. M

# Topnavorser uit VSA by Mikrobiologie



*Prof Richard Young (links) van die Whitehead Institute for Biomedical Research in Massachusetts, VSA, wat ook 'n medeprofessor aan die Massachusetts Institute of Technology (MIT) is, was onlangs op Stellenbosch op uitnodiging van prof Hennie van Vuuren (regs) van die Departement Mikrobiologie. Hulle is hier by prof Anna Aldovini (MIT) en prof Sakkie Pretorius (ook van die Departement Mikrobiologie).*


*Prof Young is 'n molekulêre bioloog en is veral bekend vir sy navorsing op giste. Verskeie dosente en nagraadse studente in die Departement Mikrobiologie doen navorsing op die regulering van geenuitdrukking in giste. Mej Marinda Viljoen, 'n nagraadse student van prof Van Vuuren, gaan volgende jaar vir 18 maande in prof Young se laboratorium by die MIT navorsing doen.*

*Proff Young en Aldovini is ook wêreldbekend vir hulle navorsing op die vigsvirus. Prof Young het op uitnodiging van Stellenbosch-forum 'n openbare voorlesing op die kampus aangebied, wat groot belangstelling uitgelok het. Hy sê in die lig van die Wêreldgesondheidsorganisasie se beraming dat een uit elke 250 mense wêreldwyd vigsdraers (HIV-besmet) is, is navorsing nou daarop gemik om 'n entstof teen die HIV-virus en die epidemie te ontwikkel, omdat dit die goedkoopste manier is om 'n aansteeklike siekte te beheer.*

*Volgens hom word die ontwikkeling van so 'n entstof deur verskeie eienskappe van die HIV-virus gekortwiek. Hy en sy medenavorsers gebruik onder meer 'n verskeidenheid molekulêr-biologiese benaderings om HIV geneties onaktief te maak.* M

# Senous help landwyd met kennis en opleiding







*Links bo: Rekenaargesteunde taalonderig by die Departement van Buitelandse Sake se taalskool. Links: 'n Onderwyseres wat deur die US se toedoen verder opgelei is, besig met 'n st. 3-les in Kwazulu. Bo: Instrukteurs en ingenieurs demonstreer 'n interaktiewe onderrigsisteem.*

**Die ou Sjinese gesegde dat 'n mens nie iemand help deur vir hom 'n vis te gee nie, maar deur hom te leer om vis te vang, is ook die uitgangspunt van die US se Sentrum vir Onderwysontwikkeling (Senous).**

"Daar is na raming tussen agt en elf miljoen ongeletterdes in Suid-Afrika. Die Universiteit het lankal begin om sy bydrae te lewer - selfs ver van die kampus af in plekke soos Kwazulu, in Transkei en onder mynwerkers aan die Rand," sê Senous se direkteur, dr Ludolph Botha.

Senous se visie is daarop gebaseer dat goeie onderwys en opleiding wat kennis en vaardighede doeltreffend aan alle gemeenskappe beskikbaar stel, die belangrikste enkele faktor is waaraan ontwikkelende lande hulle voorspoed toeskryf.

Dit is dus vir die sentrum uiters belangrik om sy rol voluit te vervul deur vir bg. doel geleenthede te skep; deur 'n diens te lewer aan dié wat die grootste behoeftes daaraan het; deur die US-kundigheid en die aksies na buite te koördineer; en deur aan 'n regverdige en doeltreffende onderwysstelsel vir almal in die land te help bou.

"Dit is noodsaaklik vir vooruitgang, voorspoed en 'n gelukkige en demokratiese samelewing," stel Senous dit in sy visie.

Hoewel Senous by die Fakulteit Opvoedkunde gesetel is, werk dit inter-fakultêr. Senous is juis ingestel om die kundigheid wat in verskillende fakulteite aan die US bestaan, na die samelewing te kanaliseer. Die sentrum gee in sy projekwerk voorkeur aan 'n multidissiplinêre benadering, en probeer dus om sover as moontlik kenners uit verskillende dissiplines te kry om aan 'n projek saam te werk.

Die Buro vir Stelselingenieurswese aan die US word byvoorbeeld op die oomblik betrek by 'n projek om onderopgeleide swart onderwysers in die afgeleë platteland deur middel van interaktiewe rekenaar- en videoprogramme met hul taak te help.

Wat die formele onderwyssektor betref, was US-personeel onder meer betrokke by die ontwikkeling van handboeke vir die onderrig van Engels en van denkvaardighede aan leerlinge in minderbevoorregte gemeenskappe.

Die indiensopleiding van onderwysers - veral dié in opvoedkundig-minderbevoorregte skole, is 'n baie belangrike fokuspunt van verskeie projekte waarby US-personeel betrokke was, en hopenlik deur die sentrum steeds meer betrokke sal raak.

"English and Operacy" was nog 'n interessante US-projek. Dit was die eerste poging in Suid-Afrika om die onderrig van Engels as 'n tweede taal met die onderrig van denkvaardighede te integreer. Sowat 2 500 st. 3-leerlinge (graad vyf) was by die projek betrokke, maar ongeveer 5 000 leerlinge het blootstelling aan die nuwe metodiek en onderrigmateriale gehad.

Die RGN asook twee Amerikaners wat as internasionale gesaghebbendes in hulle veld beskou word, het die program as baie geslaagd geëvalueer. Betekenisvolle verbeteringe is in die leerlinge se skolastiese prestasies gemeet.

Senous se taak lê ook by die opleiding van opleiers en instrukteurs vir die nie-formele onderwys - ook in die handel en nywerheid, waar daar 'n geweldige behoefte bestaan.


'n Voorbeeld van 'n suksesverhaal waarby die Universiteit al 'n aantal jare betrokke is, is 'n projek om taal- en denkvaardigheidsopleiding

>

vir die Gold Fields-myngroep se werkers te verskaf. Die US het 'n groep meesteropleiers opgelei wat op hulle beurt meer as 200 opleiers opgelei het om groepe mense by 15 myne se opleidingsentra in Suid-Afrika en Namibië te onderrig.

Die Universiteit was onder meer ook by Eskom betrokke by die opleiding van opleiers vir die onderrig van tale. So is derduisende mense in die privaatsektor se lewens al geraak deur opleidingsprogramme wat by die US ontstaan het.

Die Universiteit was ook betrokke by die ontwikkeling van 'n taalskool vir die Departement Buitelandse Sake in Pretoria. 'n Model is daar gevestig vir die opleiding van instrukteurs wat tale soos Duits, Frans, Portugees en Spaans aan diplomate en ander personeel onderrig om hulle vir hul werk in die buiteland voor te berei.



*Die amptelike bekendstelling van die Sentrum vir Onderwysontwikkeling is onder andere bygewoon deur mnr Michael O'Dowd, voorsitter van Anglo American en De Beers se opvoedkundige trust, dr Emmeul Stabreit, Duitse ambassadeur, prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, en dr Ludolph Botha, direkteur van die sentrum.*

Hier, soos in die meeste projekte waarby Senous betrokke raak, word die rekenaar en ander tegnologiese hulpmiddels ingespan om opleiding te bevorder.

Taalonderrig - veral van tweede en vreemde tale - is 'n terrein waarop die Universiteit oor besondere kundigheid beskik. Die doeltreffende onderrig van Afrikatale is onder meer 'n hoë prioriteit van Senous, omdat daar by mense landwyd 'n dringende behoefte is om onderling in die swart tale te kommunikeer.

Soos wat meer en meer studente uit die minderbevoorregte gemeenskappe by tersière inrigtings (universiteite, technikons en kolleges) inskryf, neem die behoefte toe om doeltreffender te onderrig, veral wat die tweede- en vreemdetaalonderrig betref.

Die Universiteit lewer 'n waardevolle bydrae ter ondersteuning van Senous. Dit is egter nodig dat Suid-Afrikaners en buitelandse vennote finansiering verskaf vir projekwerk wat op die onderwys - en veral vir minder bevoorregte groepe - gerig is.

M

# Oud-Maties wen Akademiepryse

**Byna 40 jaar nadat Sampie Terreblanche en Koos Stadler as Matieklasmaats in aangrensende kamers in dieselfde koshuis op Stellenbosch gebly het, ontvang hulle vanjaar elkeen 'n Stalsprys vir Ekonomie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Prof Terreblanche is nou hoogleraar in ekonomie aan die US en prof Stadler is Viserektor: Akademies aan die Universiteit van Pretoria.**

Ook onder die Oud-Maties wat vanjaar Akademiepryse en toekennings kry, is Wilma Stockenström, wat die Afrikaanse prestige-letterkundeprys, die Hertzogprys vir Prosa, ontvang, vir haar werk *Abjater wat so lag*.

**Prof Terreblanche**, het gedurende 1951 - '56 tot op M-vlak op Stellenbosch gestudeer. In 1963 behaal hy ook 'n doktorsgraad aan die US, met prof Maria de Reville as promotor. "Sy het my ekonomiese denke sedertdien grootliks beïnvloed," sê prof Terreblanche, wat gedurende 1968 - '69 ook na-doktoraal aan die Harvard-universiteit in die VSA gestudeer het.

Hy was 'n UOVS-dosent voordat hy in 1965 na Stellenbosch teruggekeer het en in 1968 as professor aangestel is. Onder sy belangrikste publikasies oor meer as twee dekades is *Die wording van die Westerse ekonomie* (1980) en *Politieke ekonomie en sosiale welvaart* (1986).

**Prof Stadler** het B.Comm. en M.Comm. (1953, '56) aan die US behaal. Hy is sedert 1959 aan die UP waar hy in 1972 die eerste direkteur van die Buro vir Ekonomiese Politiek was en in 1991 'n viserektor geword het. In 1971 het die Internasionale Monetêre Fonds hom na die Reserwebank van Malawi gesekondeer.

Hoewel proff Stadler en Terreblanche nou elk met 'n Stalsprys vir Ekonomie vereer word, het hulle sedert hulle Matie-studentejare in heeltemal uiteenlopende rigtings van die ekonomie gespesialiseer.

**Wilma Stockenström**, wat BA (1952) aan die US behaal het, is bekend as digter, romanskrywer, dramaturg en aktrise. Sy het ook die 1977-Hertzogprys (vir poësie) ontvang vir haar bundel *Van vergetelheid en van glans*. Sedert 1970 het vier poësiewerke, vyf romans en 'n drama uit haar pen verskyn.

Sy het wêreldwye erkenning gekry vir die Engelse vertaling van haar roman *Die kremetartekspedisie*, wat ook in Italiaans, Frans, Duits, Nederlands, Sweeds en Hebreeus vertaal is.

Die ander Oud-Maties wat vanjaar Akademie-pryswenners is, is:

**Prof Hannes van Staden** van Pietermaritzburg kry die Havengaprys vir Biologie. Hy het in die sestigerjare tot op M.Sc.-vlak aan die US gestudeer, en het in dié tyd ook botanie-honneursklasse aan die US

>

van die Africanaversameling 'n belangrike rol gespeel.

Dit is dus vir die Universiteit 'n groot eer om hom op dié manier te vereer "en sodoende dankie te sê vir die enorme bydrae wat hy aan hierdie Universiteit gelewer het," het prof De Vries gesê.

Mnr Du Plessis is 'n Oud-Matie. Voordat hy in 1945 aan die US aangestel is, was hy vier jaar werksaam by die Parlementsbiblioteek en was hy ook voltydse organiseerder van die Vereniging vir Boekverspreiding, die voorloper van Kaapland se provinsiale biblioteekdiens.

Hy is die skrywer van *Rympieboek vir kinders*, waarvoor hy in 1963 saam met die illustreerder Katrine Harries die C.P. Hoogenhoutprys vir dié jaar se beste kinderboek ontvang het. Sy jongste werk, 'n limeriekboek getitel *'n Ding wat byt*, het einde 1991 verskyn.

Mnr Du Plessis het einde 1983 afgetree en woon nou op Clanwilliam. Hy was die laaste hoofbibliotekaris van die Carnegiebiblioteek voordat die nuwe J.S. Gericke-biblioteek aan die begin van 1984 in gebruik geneem is. Sy vrou, mev Doreen du Plessis, was ook lank aan die Carnegiebiblioteek verbonde.

Die Africanaversameling, wat veral deur mnr Du Plessis se betrokkenheid in gehalte en omvang gegroei het, het sedert die Departement Geskiedenis se vroegste jare in dié departement ontstaan. Met die nuwe Carnegie-biblioteek in 1938 is 'n aparte kamer daaraan toegesê en in 1961 is 'n nuwe deel van die biblioteek daarvoor ingerig. So ook in die huidige J.S. Gericke-biblioteek waar die afdeling se kosbare en grootliks onvervangbare inhoud deur 'n koolsuurgasbrandbestrydingstelsel beskerm word.

Skenkings het die versameling deur die jare gehelp aanvul. Daaronder was versamelings soos dié van drr W.J. Leyds en Gustav Preller, en in die vyftigerjare die Hugh Solomonboekery wat ook kaarte, skilderye en prente insluit.

Daar is nou sowat 17 000 boekdele in die versameling, wat grootliks tot navorsingsbronne vir historiese studie (hoofsaaklik oor Afrika suid van die Sahara) beperk word. Moderne Africana word ook gekoop, asook werke oor plante, diere, ens. maar bepaald oor die westelike deel van Kaapland. Met werke oor die politiek word die waarde van 'n boek as historiese bron voorop gestel. Die Anglo-Boereoorlog-deel van die versameling is van 'n baie hoë gehalte. M

# Prof J.C. de Wet se naam leef voort



*Met die vernoemingsplegtigheid van die J.C. de Wet-saal is hier, van links, proff Andreas van Wyk, Viserektor (Bedryf) en 'n ouddekaan van die Regsfakulteit, Whitey van der Westhuizen en Klaus Schwietering, wat albei afgetrede US-regsdosente is, en James Fourie, die huidige dekaan. Hulle staan by 'n borsbeeld van prof De Wet wat nou permanent voor in die saal ingerig is. Proff Van Wyk en Schwietering het by die vernoemingsfunksie huldigingsredes oor prof De Wet gelewer.*

**'n Voormalige dekaan van die Regsfakulteit, prof J.C. de Wet, is vroeër vanjaar vereer toe die groot lesingsaal in die historiese Ou Hoofgebou na hom vernoem is. Prof De Wet was 78 toe hy voorverlede jaar oorlede is. Hy was gedurende 1936-'72 'n dosent in die fakulteit en was professor vanaf 1942.**

Prof De Wet was 'n Oud-Matie. Hy het twee doktorsgrade in die regsgeleerdheid behaal, een op Stellenbosch en die ander in Leiden, Nederland. Met sy dood is hy as die invloedrykste regsakademikus in die land gereken.

Hy was een van net drie akademiese regsgeleerdes aan wie die Staatspresident die titel SC (senior consultus) toegeken het. Die US, Unisa, RAU en die Universiteit van Kaapstad het eredoktorsgrade aan hom toegeken. As afgetrede US-dosent het hy buitengewone professorate aan Unisa en die UK beklee. Hy is ook met die Dekorasie vir Voortreflike diens vereer.

Omdat hy hoofsaaklik in Afrikaans geskryf het, het prof De Wet 'n besondere bydrae tot die vestiging van 'n goed ontwikkelde Afrikaanse regsterminologie gelewer, wat in baie opsigte meer geskik vir die hantering van die Romeins-Hollandse reg as sy Engelse ekwivalent is.

Prof De Wet het talle werke gepubliseer, waaronder die boeke *Kontraktereg en Handelsreg* (saam met prof J.P. Yeats) en *Strafreg* (saam met prof H.L. Swanepoel), wat albei in die veertiger- en vyftigerjare verskyn het.

'n Voormalige hoofregter, 'n twintigtal regters, verskeie kabinetslede, asook die US-Kanselier, dr Jan van der Horst, en die US-Raadsvoorsitter, dr David de Villiers, tel onder sy oudstudente.

Prof Andreas van Wyk, Viserektor (Bedryf) en aangewese Rektor, en prof Klaus Schwietering, 'n afgetrede US-regsdosent, het by die vernoemingsfunksie in die Ou Hoofgebou huldigingsredes oor prof De Wet gelewer. Albei is oudstudente en -kollegas van prof De Wet. Verskeie ander oudstudente en -kollegas van hom was ook by die funksie. M

# Sendingweek raak duisende se lewens





*Bo: Die Amerikaner George Verwer van Operasie Mobilisasie bring sy boodskap aan die Maties in die Studentekerk tydens Sendingweek 1991.* ***Regs bo:*** *'n Deel van die jaarlikse Sendingweek-uitstalling in die Langenhoven-studentesentrum.* ***Heel regs bo:*** *'n Sendingweek-middaguurbyeenkoms op die trappe voor die J.S. Gericke-biblioteek.* ***Regs:*** *In die D.F. Malan-gedenksentrum op Coetzenburg tydens 'n Sendingweekbyeenkoms in 1991. Omdat die stoele uitgehaal is en die studente op die vloer gesit het, kon bykans 6 000 mense dié saal volpak.*



In Augustus elke jaar, vir 37 jaar al, word duisende Maties se aandag 'n week lank toegespits op die laaste opdrag van Christus op aarde: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies..." Dít is Sendingweek op Stellenbosch.

Soos Intervarsity, Karnaval of gradedag is Sendingweek 'n hoogtepunt op die Matie-studentekalender. Deur die jare het dit die lewens van tienduisende studente - en die publiek van Stellenbosch en omgewing - geraak.

En deur hulle kon daar uitgereik word na geestelik behoeftiges, van Stellenbosch af tot aan die uithoeke van die land, en selfs in die buiteland, tot so ver as Europa en Japan.

"Sendingweek het veral in die afgelope jare behoorlik uit sy nate begin bars," sê mej Sorita Baard, 'n teologiestudent en lid van die Sendingweek-komitee. "Na Sendingweek '90 het sowat 200 jong mense onderneem om elkeen 'n tydperk voltyds aan sendingwerk te wy."

Uit die Stellenbosse NG Studentekerk se geledere is daar nou meer as 50 sendelinge in die veld. Dié gemeente finansier baie van hulle. Mej Baard sê die Maties is ook op ander maniere by sending betrokke, byvoorbeeld deur voorbidding of deur geld vir allerlei sendingaksies by te dra.

Honderde Maties raak ook self betrokke deur - vir baie jare al - in die wintervakansie elke jaar in groepe sendingwerk te gaan doen. Verskeie van die KJA se aksies werk nou van Khayelitsha in die Kaapse Skiereiland tot in Transkei, Natal, Oos-Transvaal, Swaziland, Namibië, Mosambiek en Angola.

Baie van dié sendingywer spruit uit Sendingweek. Dit duur van 'n Sondag tot die volgende een, met eredienste deur die week elke aand, 'n sendingfees die Saterdagaand, 'n groot uitstalling in die Langenhoven-studentesentrum, middaguur-uitvoerings op die trappe voor die Universiteitsbiblioteek en 'n "gospel"-uitvoering.

Die eredienste saans het so gewild geword dat daar deesdae elke aand twee dienste gehou word - en met elkeen daarvan is dié reuse-kerkgebou, wat 2 000 sitplekke het, steeds volgepak. Besoekers kom in busvragte van omliggende dorpe daarheen en mense wag soms 'n uur voor die tyd al by die kerk om plek te kry.

Buitelandse sprekers soos eerw. Edison Quieros van Brasilië en mnr George Verwer van Operasie Mobilisasie het in die afgelope jare as sprekers opgetree. Tydens Sendingweek word besoekende sendelinge ook in buurgemeentes as sprekers betrek.

Talle sendingorganisasies neem jaarliks deel aan die uitstalling wat gewoonlik die studentesentrum se hele onderste verdieping beslaan. Behalwe vir die duisende Maties, besoek talle ander mense, ook van ver buite Stellenbosch, dié uitstalling.

Sendingweek het gespruit uit 'n



sendingnaweek wat 'n Matie, Tjoeks Viljoen, in 1955 gereël het. 'n Mede-Matie, Willie Louw, en ds Willie Pieterse het daarna, elk op sy eie, begin planne maak vir so 'n weeklange sendingaksie op die kampus, en so is Sendingweek in Augustus 1956 die eerste keer aangebied.

Dit is destyds deur die Kerk-jeugvereniging (KJA) en drie ander Christen-organisasies gereël. Dié Matie-sendingywer was in pas met 'n landwye sendingbewustheid in die vyftigerjare.

Op Stellenbosch het dié sendingbewustheid nie oorgewaai nie. Ná byna vier dekades word die Maties steeds elke jaar vir 'n week lank intensief bearbei, gemotiveer, opgeroep en uitgestuur om hul lewens aan sendingwerk te wy.

"Sendingweek wil van elke Christen 'n sendeling maak," sê mej Baard. "Dit is 'sending' in sy breedste betekenis: deur Woord en daad, hier en wêreldwyd, onder 'rou heidene' en nominele Christene."

Sendingweek was van die begin af 'n studente-aangeleentheid, wat nou nog deur hulle gereël word. Dit is deel van die Studentekerk se KJA-struktuur. Die Studenteraad is nie direk betrokke nie, hoewel hy saamwerk deur byvoorbeeld te reël dat geen ander belangrike kampusbedrywighede in sendingweek geskied nie.

Sendingweek is, soos Sorita Baard dit stel, "'n geleentheid wat God aan die studente van Stellenbosch bied om 'n verskil in die wêreld te kan maak." M

# *Kwarteeufees met konsert gevier*




*Foto: Braham van Zyl*

*Bo: Die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis se stigter-hoof, prof Bun Booyens (naasregs), is hier saam met drie huidige dosente, prof Pieter Grobbelaar (departementshoof), dr Matilda Burden en mnr Hennie van der Merwe, by die verskeidenheidskonsert waar die departement se kwarteeufees gevier is.*


**Die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis is vanjaar 'n kwarteeu oud. Met sy stigting in 1967 was dit as Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde bekend, en was die US die enigste wat dié studierigting aangebied het.**

Dit stigter-hoof van die departement, prof Bun Booyens, is in 1981 deur die huidige hoof, prof Pieter Grobbelaar, opgevolg.

Afrikaanse Kultuurgeskiedenis bied 'n goeie agtergrond vir verskeie beroepe, soos onderwyser, bibliotekaris, predikant, maatskaplike werker, joernalis, argivaris, museum-geesteswetenskaplike en verskeie rigtings in die Staatsdiens. Die departement spog nou met 'n groot getal M- en D-studente. Sedert 1977 word 'n nagraadse professionele diploma in museumkunde ook aangebied.

Die dosente en oudstudente lewer diens op verskillende gebiede in die samelewing, onder meer as sprekers en met deelnames aan radio- en TV-programme.

Elke jaar bied die departement 'n verskeidenheidskonsert aan, waarheen die oudstudente ook genooi word. Vanjaar is die departement se kwarteeufees by dié geleentheid gevier. M




# *Regte kry eie das*

Die Fakulteit Regsgeleerdheid het ná jare weer sy eie das, vir alle Oud-Maties met LL.B.-grade. Dit is volgens die korporatiewe eerder as die klub-styl ontwerp, het 'n deftige sy-voorkoms, is rooi en grys op 'n vlootblou agtergrond en die logo (die tradisionele weegskaal met US direk daaronder) is klein links onder op die das. Bestel (voor 30/9/92) van: M. Chin, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-773196. Stuur R60 (BTW, posgeld, ens ingesluit) per das. M

# *Gholfspelers help met talle beurse*

Gholfspeel en om met mede-Oud-Maties vriendskapsbande te smee, is nie al waarop die Transvaalse Oud-Matie-gholfklub roem nie.





Sedert die klub se ontstaan meer as drie dekades gelede dien die klublede ook hul Alma Mater met 'n sterk beursfonds waarmee talle Maties al gehelp is om op Stellenbosch te studeer.

Altesaam ses Maties studeer vanjaar met beurse van die klub. Deur die jare het die klub talle Maties op dié manier gehelp.

Dít was dan ook die aanvanklike oogmerk waarmee die klub in 1961 ontstaan het: om geld in te samel vir 'n beursfonds waarmee 'n seun van die Abraham Kriel-kinderhuis in Johannesburg vir universiteitstudie Stellenbosch toe gestuur kon word. Akademiese meriete, behoeftigheid en sporttalent tel nou as maatstawwe vir die beurshouers.

Van die agt stigters-komiteelede leef net die helfte nog: mnre Ossie Rascher, Frans Wessels, Gideon Roos (eertydse SAUK-baas) en Jannie le Roux (voormalige Transvaalse rugby-administrateur). Die ander vier was mnre Dan de Villiers (kaptein en voorsitter), Justus van der Spuy, Elfranco Maritz en Joss van Niekerk.

Die Kyalami-buiteklub het in 1966 die Oud-Maties se tuiste geword, waar hulle ook sosiale lidmaatskap het. Die hoogtepunt elke jaar is die US-gholfdag op Randpark, waaraan meer as 60 spanne (240 spelers) op 36 putjies deelneem en waar sake-instansies onder meer verteenwoordig word.

Twee inter-universitêre toernooie word jaarliks gereël, en die Oud-Maties hou die rekord met die meeste oorwinnings. 'n Klubtoernooi bepaal elke jaar watter klublid die warmste gholf speel.

Oudpresident John Vorster, wat lank US-kanselier was, was 'n aktiewe klublid wat die Oud-Maties dikwels tot groot oorwinnings teen ander universiteite aangehelp het. Dr Piet Koornhof is nou die klub se erepresident.

Die klub skep vir Transvaalse Oud-Maties, veral uit die PWV-gebied, minstens tien keer per jaar 'n geleentheid om met mede-Oud-Maties vriendskapsbande te smee. Almal wat belangstel, kan die Universiteitskantoor in Linden, Johannesburg, by tel. 782-5569 bel. M

*Links bo: Arend de Waal (links) het onlangs na 12 jaar as kaptein en voorsitter van die Transvaalse Oud-Matie-gholfklub uitgetree. Hy ontvang hier 'n afskeidsgeskenk van sy opvolger, Johan Walters.*

*Bo: Mnr Chris Stimie (links) het as voorsitter van die Oud-Matie-gholfklub van die Suide 'n studiebeurs aan mnr Jaco Swart, 'n B.Rek.-derdejaarstudent, oorhandig. Dit is die derde keer dat hy dié beurs, wat jaarliks toegeken word, kry. Dit dek al sy klasgeld. Hy kom van Robertson af, vaar goed met sy studies en hou van gholfspeel. Die klub het sowat 300 lede - meestal uit Wes-Kaapland. Sowat agt toernooie en 'n groot maatskappydag word elke jaar aangebied.*


# *Argitek presteer in publieke administrasie*



**Prof Erwin Schwella (links) het as voorsitter van die Departement Publieke Administrasie die Johnny Barnard-wisseltrofee vir die departement se beste nagraadse student in 1991 aan mnr Johan Burger, 'n argitek van Parow, oorhandig. Dit was die derde keer dat die trofee toegeken is.**

Die oorhandiging was by die jaarlikse dinee van die Vereniging van Oudstudente in Publieke Administrasie, US, wat by die Bestuurskool in Bellville gehou is. Dr Bernard Louw, direkteur-generaal van Onderwys en Opleiding, was die geleentheidspreker. Mnr Burger het verlede jaar 'n honneursgraad in publieke administrasie met lof behaal, nadat hy vroeër in Bloemfontein as argitek afgestudeer het. Sy vrou, Naomi (Oosthuizen), het 'n sielkunde-honneursgraad van die US. Hy werk by die Departement Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou, Raad van Verteenwoordigers. M

# *Afrika-besoekers by eeufees-simposium*






*Heel links: Dr Kosie Smit (regs) van die Departement Wiskunde, wat voorsitter van die reëlingskomitee van die eeufees-simposium en -reünie was, is hier by drie van die sprekers, dr David Jacobson, prof Davison Theo en prof Wandera Ogana.*

*Links: By die reünie was 'n huidige dosent, prof Andries van der Walt (links), en 'n ouddosent, prof Gawie Cillié (regs), saam met mev Hildegarde Spottiswoode, wat in 1931 die eerste vrou was om (met lof) 'n M.Sc.-graad in wiskunde aan die US te behaal, en dr Myra Göldner, die weduwee van nog 'n ouddosent, prof S.R.F. Göldner. Mev Spottiswoode is 'n dogter van wyle prof J.T. Morrison, wat lank as natuurwetenskappe-dosent aan die US verbonde was. Dr Göldner is 'n afgetrede dosent in opvoedkunde aan die Universiteit.*

**Akademici uit Zambië en Kenia het van die hoofreferate gelewer op 'n simposium oor "Wiskunde in Afrika" wat ter viering van die Departement Wiskunde se 100-jarige bestaan gehou is. Die departemente Wiskunde en Toegepaste Wiskunde het dit saam aangebied.**

Prof Davison Theo, dekaan van natuurwetenskappe aan die Universiteit van Zambië, en prof Wandera Ogana van die wiskundedepartement aan die Universiteit van Nairobi in Kenia, het oor die huidige stand en die toekoms van wiskunde in Afrika gepraat. Dr David Jacobson, uitvoerende groephoof van Altron, het die ander hoofreferaat, oor die gebruik van wiskundige denke in die handel en nywerheid, aangebied.

Ander sprekers by die simposium het onder meer referate oor onderwysers-opleiding, die krisis in skoolwiskunde en die stand van wiskunde-navorsing gelewer.

Proff John Webb van Kaapstad en Koos Grobler van Potchefstroom, drr Peter van Eldik van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) in Pretoria, mnr Niel Krige, besturende direkteur van Momentum Lewens, en prof Gerhard Geldenhuys en dr Dana Murray van Stellenbosch was die ander sprekers wat by die simposium opgetree het.

Wiskunde-onderwysopleiding en probleme rakende wiskunde-onderrig op skool-, universiteit- en technikonvlak was onder die belangrikste besprekingspunte. Uit die besprekings het ook geblyk hoe belangrik wiskundegebruikers (soos die handel en nywerheid) se behoeftes, en samewerking met hulle, is.

Die SNO het R10 000 vir proff Theo en Ogana se reis- en verblyfkoste bygedra, en Liberty Life R9 000 vir ander simposiumuitgawes.

Die eeufeesviering is op Coetzenburg met 'n snoekbraai vir die departement se oudstudente afgesluit. M

# *Fonds huldig Göldner*



**Die Departement Wiskunde het in sy eeufeesjaar vir die eerste keer sy eie beursfonds gestig. Dit is na 'n ouddosent, prof S.R.F. Göldner, vernoem.**

Prof Göldner was van 1942 tot sy aftrede in 1981 aan die departement verbonde. Hy was 'n Oud-Matie wat 'n doktorsgraad in New York behaal het en ook in Duitsland gestudeer het. Sy oudstudente onthou hom as 'n begaafde en knap dosent vir wie hulle hoë agting gehad het. Hy het onder meer lank vir die Matie-ingenieurstudente wiskunde gedoseer, en word ook onthou vir die rol wat hy in die totstandkoming van die Departement Rekenaarwetenskap vervul het.

'n Oudstudent van die departement, mnr H.A. Slabbert van die Strand, het met 'n skenking die gedagte aan die beursfonds laat ontstaan. Daar gaan mettertyd uit die opbrengs van die fonds beurse toegeken word om wiskunde voor- en nagraads as studierigting aan die US te bevorder. Alle bydraes van die Departement Wiskunde se oudstudente vir die fonds sal verwelkom word. M


# *Boek oor Wiskunde-departement*

**Prof Cillié de Bruyn van die Departement Wiskunde het vir die departement se eeufees vanjaar 'n boek oor die departement geskryf. Dit heet *Wiskunde: dosente en studente, Universiteit van Stellenbosch en voorgangers.***

Die werk bevat onder meer 'n historiese oorsig oor die departement, die name en ander inligting van al die departement se nagraadse studente wat deur die jare afgestudeer het, asook van die dosente en oud-dosente van wie daar 19 foto's in die boek is.

Prof De Bruyn het self die boek uitgegee. Dit kos R18 en kan bestel word by die Departement Wiskunde, US. M

# 'n Sprokiesdorp word gebore...




**K**om na Green Oaks, waar gehalte, die sjarme van 'n Europese dorp en moderne ontwerp joune kan wees.

**E**erste fase nou te koop -- slegs 90 huise.
En almal onder R200,000.

**K**ronkelende wandelpaaie, rus en vrede, talle jong eikebome, en 'n loopgang vir inkopies skep die sprokiesdorp-atmosfeer van Green Oaks. Waar jou kinders graag sal wil grootword. Waar jou familie 'n gelukkige, vol lewenstyl kan geniet. Jou tuiste in die natuur.

GREEN
O·A·K·S




STELLENBOSCH

**K**ies tussen 8 pragtige, ontwerpte wooneenhede, met 'n beplande tuine, en maak gebruik van verskeie aanbou-keuses soos jou lewenstyl ontwikkel.

**K**om na afgesonderde Green Oaks, net 'n eekhoringsprong van Stellenbosch, 14 min. van die Noordelike Voorstede en 30 min. van Kaapstad.

**B**esoek ons Verkoops-inligting Kantoor in die historiese Weltevreden skuur.
**Maandag tot Vrydag: 08:30 tot 18:00**
**Saterdag tot Sondag: 11:00-18:00**

CREDO
MANAGEMENT

**Vir meer inligting, skakel ons konsultante by Cape Vision Properties, Trust Bank Sentrum, Stellenbosch by (02231) 98008 of die verkoopskantoor.**

CAPE
VISION
PROPERTIES

# Van ons donateurs

*Hierdie foto's is geneem waar enkele donateurs self hulle skenkings oorhandig het.*









***Heel links bo:*** *Ou Mutual se Hoof-Bedryfsbestuurder, mnr Gerhard van Niekerk (links), het 'n skenking van R250 000 aan prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, oorhandig. Dit is vir die Universiteit se beurs-leningsfonds vir voorgraadse studente en die Buro vir Ekonomiese Ondersoek. Regs is dr Okkie Stuart, Direkteur van die buro.* ***Links bo:*** *Mnr Eben Fowler (regs) het as Wes-Kaaplandse Streekbestuurder van Caltex Olie dié firma se R65 000-tjek aan prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, oorhandig. R50 000 van die skenking is vir studiebeurse.*

***Bo:*** *Mnr Jack Esterhuizen (regs) het as Wooltru se Bestuurder: Sosiale Verantwoordelikheid 'n jaarlikse skenking vir Stellenbosch 2000 aan mnr Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, oorhandig.* ***Regs bo:*** *Mnr Ulrich Fobian (links), Bestuurder: Openbare Betrekkinge by Kaap die Goeie Hoop Bank, het die bank se jaarlikse skenking vir 'n studiebeurs aan mnre Gerhard Loedolff van die US Stigting en Andre Hanekom van die Afdeling Beurse en Lenings oorhandig.*









***Heel links bo:*** *Die Cliffe Dekker & Todd-beurs van R3 000 is vanjaar toegeken aan verdienstelike LL.B.-student mnr Gideon Davids (middel). By hom is mnr Jonathan Witts-Hewinson van dié Johannesburgse prokureursfirma en prof James Fourie, Dekaan van Regsgeleerdheid.* ***Links bo:*** *Mnr Stephanus Rossouw (regs) het as uitstaande LL.B.-derdejaarstudent vanjaar 'n Pretoriase prokureursfirma, Rooth & Wessels, se beurs van R1 500 gekry. Mnre Deon Griessel en Louis Bredell van die firma het die beurstjek oorhandig.*

***Bo:*** *Santam skenk jaarliks R15 000 aan die Departement Bedryfsekonomie vir die aanbied van nagraadse lesings oor korttermynversekering. Mnr Danie de Stadler (regs) van Santam het vanjaar se tjek aan prof Marius Leibold, departementshoof, oorhandig. Links is prof Erik Mostert, ook van die departement.* ***Regs bo:*** *Mnr Johan Fechter (middel) het as Direkteur van Openbare Betrekkinge 'n R12 000-tjek vir drie studiebeurse van Coca Cola (National Beverage Services) ontvang. Mnr Peter Flanders (links), opleidingsbestuurder van Peninsula Beverage Company, en Terence Plaatjes, dié firma se personeelbestuurder, het die tjek oorhandig.*

# Taalwetenskap aan US: Woelig en welig



*Die driedaagse konferensie wat die Departement Algemene Taalwetenskap op Stellenbosch aangebied het, is bygewoon deur onder andere prof Rudie Botha, die departementshoof, en vier Natallers wat onlangs die departement se gestruktureerde MA-kursus vir die taalprofessies geslaag het. Hulle is mev Margaret Inglis van die Science Foundation Programme aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg en drie personeellede van die Universiteit van Durban-Westville, mevv Jenny Pahl (Departement Spraakheelkunde), Rajamma Tudge (Departement Afrikaans en Nederlands) en Rosemary Granger (Division of Language Use).*

**In 1985, minder as vyf - in 1992, meer as tagtig. Dit wil sê, studente in Algemene Taalwetenskap aan die US op M-vlak.**

Die deurbraak dateer uit 1986. Toe het die Departement Algemene Taalwetenskap sy gestruktureerde M.A.-kursus vir die taalprofessies ingestel. Sedertdien word die aansoeke om toelating elke jaar meer: aansoeke van taalpraktisyns soos byvoorbeeld taalonderwysers, taaldosente, vertalers, spraak-terapeute. Die nuutjie van toe is tans hoog in aanvraag - as 'n kursus waardeur taalmense se insig in die taalwetenskaplike grondslae van hul professies, en ook hul kritiese omgang daarmee, verruim en verfyn word.

Omdat hierdie tweejarige M.A.-kursus deur middel van afstandsonderrig en in sowel Afrikaans as Engels aangebied word, trek dit studente van oor die lengte en breedte van Suider-Afrika. Trouens, daar was al diegene wat kans gesien het om die kursus vanuit Japan, Frankryk of Kanada te volg!

Die minimum formele vereiste vir toelating tot die kursus - wat deeltyds gevolg kan word - is 'n B-graad met 'n taal of Taalwetenskap as hoofvak. Ook 'n B-graad in Spraakheelkunde verleen toegang. Daarby trek die kursus egter mense wat reeds in ander rigtings meestersgrade en selfs doktorsgrade het.

In 1993 breek daar nog 'n nuwe groeifase aan vir Taalwetenskap aan die US. Dan registreer 'n eerste golf van studente vir die doktorale kursus in die Algemene Taalwetenskap, studente wat die gestruktureerde M.A.-kursus met vlieënde vaandels voltooi het.

Ook hierdie doktorale kursus sal uniek wees vanweë die maatreëls wat geneem word om te verseker dat dit aan die hoogste standaarde voldoen. Vir die begeleiding en eksaminering van elke student gaan die deskundige hulp van minstens een internasionaal gesiene taalwetenskaplike uit die buiteland verkry word. Juis vir dié doel is daar met taalwetenskaplikes aan die Universiteit van Leiden, die Universiteit van Amsterdam, en die Vrije Universiteit (te Amsterdam) reeds samewerkingsooreenkomste aangegaan.

Maar Taalwetenskap kring ook uit in 'n ander akademiese dimensie van die US. Vroeër vanjaar het meer as 200 van Suid-Afrika se voorste taalwetenskaplikes en taalpraktisyns op Stellenbosch kom deelneem aan 'n driedaagse konferensie wat deur die Departement Algemene Taalwetenskap gereël is.

In aansluiting by die tema "Taalwetenskap vir die Taalprofessies", is 'n sestigtal referate gelewer oor aktuele probleme in taalonderrig, vertaling, teksontleding, literêre kritiek, leksikografie, taalbeplanning, en spraakterapie. Later vanjaar publiseer die Departement byna al hierdie referate in sy tydskrif *Spil Plus*. Die geesdrif wat deur hierdie byeenkoms gaande gemaak is, regverdig die instelling van 'n vaste tweejaarlikse konferensie.

Nadere inligting oor bogenoemde kursusse of konferensieverhandelinge is te kry by prof R.P. Botha, Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600; telefoon (02231) 772010; faks 774336. M



# Vervoerekonomie ingestel op groot veranderings

**Die opkoms van die kombi-taxibedryf in ons dorpe en stede. Al hoe meer swaar vragmotors op die land se hoofroetes. Dít is vir Jan Alleman die sigbaarste tekens van groot veranderings in die Suid-Afrikaanse vervoerwese die afgelope dekade of wat.**

Vervoerwetgewing is in dié tyd gewysig. Die nasionale vervoerbeleid het verander. Pad- en lugverkeer is grootskaals gedereguleer. Owerheidsvervoerondernemings is gekommersialiseer.

Daarby het die herroeping van rassewetgewing - van die Wet op Instromingsbeheer wat in 1986 afgeskaf is tot die Groepsgebiedewet, afgeskaf in 1991 - die demografiese veranderingsproses in die stede laat versnel. Dit het tot veranderinge in die stedelike passasiers-vervoeropset bygedra.

Die eise wat aan vervoerekonomienavorsing en -kennisoordrag gestel word, het dus ook baie verander. Aan die US het die Departement Vervoerekonomie die uitdagings wat al dié veranderings bied, aanvaar en besluit om sy roeping te verbreed. >



*Prof Wessel Pienaar en dr Esbeth van Dyk op die perseel van 'n onderneming waar 'n distribusieprobleem ondersoek is.*

Deregulering van die vervoersektor beteken dat minder akademiese aandag gewy kan word aan die regsaspekte en ekonomiese beginsels wat met owerheidsbeheer oor die vervoerbedryf verband hou. Die klem is nou meer daarop om vervoerbestuurders en -entrepreneurs toe te rus met groter toepassingsvaardighede en kundigheid om hul vlote en vervoerondernemings doelmatig en doeltreffend te bedryf en te bestuur.

Enersyds wend die departement hom al hoe meer tot die klein en informele vervoeroperateur se probleme en behoeftes. Gesubsidieerde (en dikwels gratis) konsultasie en tegniese advies, informele kort kursusse en informele tegnologie-oordrag word aangebied.

Maar daar word steeds 'n diens aan meer gevestigde karweiers in die vervoersektor gelewer. Hulle kry o.m. raad oor vlootbegrotings, tariefkwotasies, optimale voertuiggroottes, voertuigvervanging en aspekte van herstelwerk.

Toenemende vervoerprobleme in die handel, nywerheid, landbou en mynbou dwing die departement om vervoeroperasionele navorsing, kwantitatiewe vervoerbestuur en vervoerekonometrie tot veel ingewikkelder vlakke na te vors, te ontleed en te doseer.

Voorgraadse kursusse is uitgebrei. Twee nuwe honneurskursusse (in vervoerekonometrie en -logistiek) leun albei swaar op wiskundige, statistiese en operasionele navorsingsmetodes, oorgedra met behulp van rekenaartoepassings.

Sedert vanjaar word die vyf tophonneursstudente genooi om 'n internskap te deurloop by die Sentrum vir Vervoernavorsing, wat aan die departement gekoppel is. Dit kan tot 'n M-graad in Vervoerekonomie lei. 'n Suiwer navorsings-M-graad word ook steeds aangebied. Al die nagraadse kursusse kan deeltyds gevolg word.

Die nagraadse opleiding is nou hoofsaaklik daarop gemik om studente met bepaalde analitiese vermoëns toe te rus sodat hulle kwantitatief-verantwoordbare bevindings kan maak.

Kundigheid en fondse is nodig om vervoerekonomiese opleiding en navorsing aan die steeds veranderende eise te laat voldoen. Die departement en die sentrum het nuwe kundigheid verkry met die aanstelling van prof Wessel Pienaar 'n jaar gelede en dr Esbeth van Dyk vroeër vanjaar. Albei is Oud-Maties.

Hy het 'n M-graad in vervoeringenieurswetenskap van die Universiteit van Kalifornië, waar hy ook as navorsingsassosiaat gewerk het, en 'n doktorsgraad in die vervoerekonomie van die US.

Sy het aan die US gediversifiseerde nagraadse opleiding ondergaan, in operasionele navorsing en bedryfsingenieurswese, met die navorsingsklem op vervoerlogistiek. Ná haar doktorale studie in operasionele navorsing in Engeland het sy intensiewe navorsing in Switserland gedoen.

Hulle en hul kollegas, mnr Roelie van Rensburg en mej Henriëtte van Niekerk wat albei D-studente is, verkry bykomende doseerkundigheid van ander departemente in die Fakulteit Handel en Administrasie asook departemente soos Siviele Ingenieurswese, Bedryfsingenieurswese en Stads- en Streekbeplanning.

Wat fondse betref, verkry die departement en sentrum 'n inkomste in ruil vir dienslewering, o.m. deur: kliëntedeelname aan die internskapprogram waarby nagraadse topstudente geborg word; seminare en kort kursusse aan kliënte-ondernemings se personeel; en kontraknavorsing en konsultasiedienste aan ondernemings met vervoerprobleme.

Belangstellendes kan in verbinding tree met: Prof Wessel Pienaar, Departement Vervoerekonomie, ☎ 02231-772251/49; faks 774499. M



## Mooier ingenieurs

*Die Fakulteit van Ingenieurswese lyk elke jaar mooier! Onder vanjaar se eerstejaar-ingenieurstudente is daar 45 meisies - byna vyftig persent meer as die 31 van verlede jaar. Die skone geslag maak nou 13,4% van die fakulteit se eerstejaars uit, teenoor sowat 10% in 1991.* M

# Matie-rekenmeesters presteer

US-voorbereide kandidate wat die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se kwalifiserende eksamen vanjaar vir die eerste keer afgelê het, se deursnee-slaagsyfer is 88% - teenoor 'n 66%-gemiddeld vir kandidate van die 14 universiteite landwyd wat aan dié jaarlikse eksamen deelgeneem het.

Die Maties het vanjaar selfs nog beter gevaar as in die 1991-eksamen. Toe het die US-voorbereide kandidate wat die eksamen die eerste keer afgelê het 'n 80%-slaagsyfer gehad, teenoor die 65% slaagsyfer van alle kandidate landwyd.

Die eksamen word teen die einde van die eerste kwartaal elke jaar afgelê. Studente wat die B.Rek.-honneursgraad aan die einde van die vorige jaar geslaag het, skryf die eksamen. Die uitslae word teen die middel van Junie bekend gemaak. Selfs al word alle kandidate in ag geneem (d.w.s. nie net dié wat die eksamen vir die eerste keer aangedurf het nie) was die US-gemiddeld vanjaar 85% en verlede jaar 74% teenoor die 58%-gemiddeld vir die hele land in albei dié jare.

As hierby in ag geneem word dat 86% van die 1991-inname aan Hons.B.Rek.-studente in dieselfde jaar gegradueer het, verteenwoordig dit 'n eerste-poging-sukseskoers van 75% vir albei kwalifikasies!

"Die gehalte van ons studente-inname en 'n toegewyde dosentekorps in die Departement Rekeningkunde verseker dat ons opleiding nie net van die hoogste akademiese gehalte is nie, maar dat die Matie-rekeningkundestudente ook steeds van die beste slaagpersentasies - in die universiteits- én professionele eksamens - behaal," sê prof Johan Matthee, die departementele voorsitter. M



*Mnr Piet Scheepers (links) van Absa Bank in Johannesburg het 'n tjek van meer as R13 600 aan mnr Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, oorhandig. Dit is Volkskas se jaarlikse bydrae uit die opbrengs van sy Oud-Matie-kredietkaart. Die bykans 2 000 Oud-Maties wat sulke kredietkaarte gebruik, kies self of die opbrengs uit hul kredietkaart gebruik moet word vir studiebeurse en studentelenings, navorsing, die US-koor, -strykensemble en -blaasorkes, die Rugbyklub of ander sportklubs. Daar word elke jaar vir die Oud-Matie-kaarthouers 'n prystrekking gehou, met 'n 15-tal pryse wat gewen kan word. Vanjaar se eerste prys gaan aan dr J.M. Marais van Oudtshoorn, die tweede prys aan mev E.M. Warnich van die Strand, en die derde prys aan mej M. Aldrich van Stellenberg. Mense wat Oud-Matie-kredietkaarthouers wil word, kan enige Volkskas-tak of die Afdeling Openbare Betrekkinge, US (☎ 02231-774020) hieroor skakel.* M



*By 'n onthaal na vanjaar se rugbywedstryde tussen Coopers Theron Du Toit en studente van die Departement Rekeningkunde was mnr Jacques Mouton (links) van die firma se kantoor in Kaapstad, en mnr Danie van Dyk en prof Basie Brink, albei van die Departement.*

# Dosente en studente bou sterker bande met firma

**Bande tussen die Universiteit en die rekenmeestersfirma Coopers Theron Du Toit is weer hegter gebind op vanjaar se rugbykragmeting in die Danie Craven-stadion tussen studente van die Departement Rekeningkunde en die rekenmeesters.**

Na dié jaarlikse wedstryde onthaal Coopers Theron Du Toit die rekeningkunde-studente en hul dosente. Die wenspan kry 'n wisseltrofee geskenk deur die firma. In die vier jaar wat die geleentheid aangebied is, het die studente en die rekenmeesters die trofee elk twee keer gebuit.

Die US se verbintenis met Coopers Theron Du Toit strek terug tot die beginjare van albei organisasies, toe die firma as die Universiteit se ouditeur aangestel is.

Die Departement Rekeningkunde is 'n voedingsbron vir die firma se professionele personeel - die meeste van die 45 vennote in die Wes-Kaapse streek van die firma en sowat 80% van sy professionele personeel het aan die US gestudeer. Aan die ander kant het die meeste dosente van die Departement hul leerkontrakte by een van Coopers Theron Du Toit se samestellende firmas voltooi.

Vennote, onder wie Herman Wessels, Danie Fölscher en André Labuschaigne, gee op 'n gereelde grondslag klas vir honneursstudente in ouditkunde, nagraadse bestuurstudente en regs- en mediese studente.

Die firma tree ook op as eksterne eksaminator en moderator van die honneursvraestel, terwyl die mannekragbestuurder, Heléda Theron, elke jaar 'n gewilde werkwinkel in werksoekvaardighede vir belangstellende rekeningkunde-studente aanbied. M

Mnr Gerhard R. Smit (28) van Johannesburg; B.Ing. (1986); was as Matie die redakteur van *Momentum* het vier jaar by Koeberg-kragsentrale gewerk en is kort voor sy dood na Evkom se hoofkantoor verplaas; seun van prof Ben Smit, hoof van die Departement Radioterapie, US.

Mev H.G. Snyman (gebore Cilliers) (63) van Potgietersrus; B.A. (1948); 'n oud-inwoner van Harmonie; het ook aan die UP gestudeer.

Mnr Piet van der Gaast (79) van Stellenbosch; B.Sc.Agric. (1940); is voorheen in Nederland as tuinboukundige opgelei; was verbonde aan die Droëvrugteraad, waar hy in 1965 afgetree het.

Mev E.M. (Marietjie) van der Merwe (geb. Botha) (56) van Kaapstad; sertifikate in spraak- en voordrag, O.D.M.S. en 'n kerkorreldiploma (1955 - '56); het ook in Amerika gestudeer; 'n bekende pottebakker wie se werk onder meer in Amerika, Brittanje en Italië uitgestal word.

Mej Mariette van der Mescht (18) van Durbanville; 'n eerstejaar-B.Econ.-student en inwoner van Nerina; het matriek in 1991 met 'n A-gemiddelde geslaag; is dood in 'n perdry-ongeluk.

Mnr J.C. (Chris) van der Walt (84) van Bloemfontein; B.- en M.Sc.Agric (1930, '32); was vir sy hele loopbaan aan die destydse Departement Landbou-Tegniese Dienste verbonde, en vir baie jare bekend as beesbeoordelaar in die OVS.

Mev C. (Babsie) van Jaarsveld (gebore Heyns) (71) van Bloemfontein; B.A. in Maatskaplike Werk (1940; oud-Monicaner; verbonde aan Kindersorg, Rustenburg, tot 1943; getroud met ds A.Z.A. van Jaarsveld wat o.m. aan die Bybelgenootskap van SA verbonde was.

Mnr J.J. van Zyl (75) van Montagu; Hons.B.A. (1949); was lank onderhoof van die Hoërskool Calitzdorp. Sy vrou, mev M.S. van Zyl (Steenkamp), is ook 'n Oud-Matie.

Dr C.R. (Golie) Venter (88) van Durban; B.Sc., SOD met lof, D.Ed. (1924, '28, '73) asook M.Ed. (Unisa); was onderwyser te Gill-kollege, Tulbach en George, skoolhoof te Willowmore en Port Elizabeth; inspekteur en tot sy aftrede in 1967 hoofinspekteur in Kaapland; het as SAOU-voorsitter gedien, wiskunde-handboeke geskryf en 'n RGN-toekenning (1977) ontvang.

Mnr P.D. Viljoen (62) van George; O.D.L.O., B.Ed. (1961, '86).

Dr J.J. (Jan) Visser (43) van Stellenbosch; B.Sc., Hons.B.Sc., M.Sc. en Ph.D. (in Houtkunde) asook Hons.B. (B. & A.) (1973 - '88); navorser in die Departement Houtkunde sedert 1974; het ook doseerwerk behartig; sy navorsing was oor houtanatomie, -buiging en -droging; het kongresse in Europa, Brasilië en Madagaskar bygewoon; was bekend as maker van pragmeubels; het in Southern Cape Timbers se direksie gedien.

Mnr André Wilmot (36) van Mosselbaai; B.Econ. (1977); oudinwoner van Huis Slabber. M

## *1 uit 5 eerstejaars is A-kandidate*

**Die akademiese gehalte van vanjaar se eerstejaar-Maties is selfs nog hoër as in 1991. Altesaam 21,8% van die eerstejaars het 'n gemiddelde A-simbool ('n slaagsyfer van minstens 80%) in die matriek-eindeksamen behaal. En 82,6% van die eerstejaars het in die skooleindeksamen 'n A-, B- of C-simbool (minstens 60%) behaal.**

Die 2 902 eerstejaar-Maties vanjaar is 87 minder as verlede jaar s'n. Daar is vanjaar 14 492 ingeskrewe US-studente, teenoor 14 550 in 1991. Die 3 997 nagraadse studente is 27,6% van die totaal, wat minder as die 28,3% van 1991 is.

Dié syfers is bereken op die eerste Dinsdag in Junie, die sensusdag waarop alle universiteite elke jaar hul amptelike syfers vasstel. Dit bepaal onder meer die staat se subsidie aan elke universiteit vir die komende jaar.

Die Fakulteit Handel en Administrasie met 3 764 studente vanjaar (3 671 in 1991) is sedert verlede jaar die US se grootste fakulteit, teenoor Lettere en Wysbegeerte (3 404 studente vanjaar en 3 590 in 1991) wat voorheen die grootste was.

Naas Lettere en Wysbegeerte, het die fakulteite Natuurwetenskappe (1 296 studente vanjaar en 1 351 in 1991), Landbouwetenskappe (602 vanjaar, 622 in 1991) en Teologie (220 vanjaar, 244 in 1991) nou minder studente.

Die ander agt fakulteite, wat almal vanjaar 'n geringe toename in studente het, is (met verlede jaar se syfers tussen hakies): Geneeskunde 2 030 (2 016); Ingenieurswese 1 372 (1 316); Opvoedkunde 740 (725); Regsgeleerdheid 370 (341); Tandheelkunde 264 (258); Bosbou 224 (218); en Krygskunde 206 (198).

Altesaam 78,3% van die Maties se huistaal is Afrikaans; 16,3% s'n Engels; 2,3% Afrikaans en Engels; 1,9% Duits, en die res (1,2%) ander tale. Die taalverspreiding is feitlik dieselfde as verlede jaar.

Ook die provinsiale herkoms van die studente is feitlik dieselfde as in 1991, met 81,1% van die studente wat uit Kaapland kom, 10,2% uit Transvaal, 3,3% uit Namibië, 2,8% uit Natal, 1,8% uit die Vrystaat, en slegs 0,8% van elders.

Altesaam 36,3% van alle US-studente bly in universiteitskoshuise of -huise, 'n verdere 0,8% in privaatkoshuise; 13,8% in hul ouerhuise; 22,1% in hul eie huise; en die res in gehuurde kamers, woonstelle ens. M

## *Reünie: Radio Matie*

'n Reünie van al Radio Matie se oudomroepers word vir die middel van Oktober vanjaar beplan. Alle oudomroepers word gevra om hul adresse (en dié van mede-oudomroepers van wie hulle weet) te stuur aan Die Hoofomroeper, Radio Matie, Langenhovenstudentesentrum, Universiteit, Stellenbosch, 7600 (☎ 772355) sodat uitnodigings en volledige besonderhede aan hulle gestuur kan word. M

# OUD-MATIE WORD JUNIOR SPRINGBOK KAPTEIN.

Talle huidige en oud-maties se harte het lekker warm geklop nou die dag toe Tiaan Strauss aangewys is as kaptein van die Junior Springbokke vir hulle wedstryd teen Namibië. En wat 'n wonderlike wedstryd was dit nie gewees nie! Die Junior Springbokke het nie alleen Suid-Afrika se hertoetrede tot wêreld rugby met oorgawe gevier met 'n historiese oorwinning van 79-3 oor Namibië nie, maar dit was ook 'n fees van drieë.

Tiaan se spel en leierskap was voortreflik, en het getoon dat sy kanse om toekomstige springbok kaptein te word feitlik weekliks verbeter. Selfs die Namibiëers, wie by hierdie geleentheid hul nuwe sportstadium ingewy het, was verstom oor die pragspel waarmee ons Junior Springbokke hul oorwinning behaal het onder leiding van Tiaan.

Tiaan het reeds vroeg in sy lewe sy talente as rugbyspeler getoon. Die sandvelde van Askam se laerskool, daar diep in die Kalahari, het hom vroeg gebrei. Toe hy by die hoërskool op Upington aanland, het hy gou die oog gevang as speler en leier. Hy word onderkaptein van die eerste span en haal ook die Craven Weekspan. In daardie dae het Tiaan senter gespeel en het eers later op Stellenbosch na loskopflank en later agsteman oorgeslaan.

Dit is g'n wonder dat die man so vinnig by die afbreekpunt kom en so goed kan verdedig nie. Menige agterspeler wat nie vir Tiaan ken nie het al hul foutjie agtergekom.

Die reeds opkomende ster in Tiaan het verder geskitter op Stellenbosch, waar hy die grade BCom, LLB behaal het. Hy het gou vir die WP onder-20 span uitgedraf en daarna gevorder tot die eerste span van die Maties. Hy het vir twee jaar vir die SA Universiteite span gespeel en natuurlik vir die Westelike Provinsie se A-span. Gedurende 1987 word hy gekies vir die SA Barbarianspan en in 1988 vir die Nampak Pionier-span wat in Suid-Amerika getoer het.



TIAAN STRAUSS

Toe Gert Smal sowat twee jaar gelede beseer is, het Tiaan Strauss die kapteinskap van die WP oorgeneem en hom bewys as 'n man wat deur middel van sy toegewyde spel en leiding bestem is vir groter lof wat sekerlik nie te ver op die horison vir hom wag nie.

Tiaan is nie net 'n toegewyde sportman nie, maar ook 'n persoon vir wie sy toekoms baie belangrik is. Hy is tans besig om sy klerkskap uit te dien by 'n Prokureursfirma in Parow en is op die oomblik besig met aktes.

Hy het besluit om so 'n paar van die eiendomme van sy firma se kliënte te gaan besoek om sodoende ook die praktiese sy van aktes te sien. Volgens Tiaan was sy besoek aan Lieberheim, wat deel vorm van Paradyskloof in Stellenbosch, 'n aangename ervaring. Vir 'n man komende uit die Kalahari is die asemrowende natuurskoon oorweldigend.

"Die berge is so naby dat jy voel of jy daaraan kan vat," sê Tiaan. Hy was ook baie beïndruk met die lae digtheid en veiligheid wat Lieberheim bied – 'n plek waar jy jou familie met 'n geruste hart kan agterlaat.







*Links: Tiaan Strauss by een van die Lieberheim se dubbel-verdieping eenhede.*
*Regs: Tiaan Strauss by die Lieberheim Skouhuis.*

# LIEBERHEIM

**Paradyskloof**
**STELLENBOSCH**

***BELÊ IN U EIE DEELTJIE VAN STELLENBOSCH EN GENIET ALGEHELE SEKURITEIT, 'N IDILLIESE OMGEWING EN 'N UITSIG OOR DIE MAJESTIEUSE JONKERSHOEKBERGE!***

## RUIM • VEILIG • SKILDERAGTIG




- Hoofslaapkamer met badkamer en aantrekkamer en-suite.
- 2de en 3de slaapkamers met volledige badkamer.
- Motorhuis en motorafdak.
- Ommuurde privaattuin.
- Afsonderlike patio's vanaf slaap,- sit- en eetkamer.
- Noord-aansig.
- Slegs een elektroniese beheerde toegang tot Lieberheim.
- Toesluit en ry lewenstyl.

Lieberheim is 'n laedigtheid-ontwikkeling wat uit 43 vrystaande wonings bestaan, elk met afsonderlike titel, rustige privaatheid, manjifieke uitsigte oor die asemrowende Jonkershoekberge, sonnige noord-aansig kamers en – die beste van alles – werklik goeie sekuriteit.



Sekuriteit is van uiterste belang by Lieberheim. Die hele projek is omring deur 'n veiligheidsmuur en toegang word beperk tot 'n enkele elektronies beheerde hek wat deur middel van 'n kabelfoon met elke woning in die projek verbind is. Slegs inwoners binne die projek kan die hekmeganisme aktiveer. Bo en behalwe die beplande veiligheidsmaatreëls, kan inwoners hulle ook berus in die wete dat vriendelike bure daar is wanneer hulle hulle nodig het.

Die Lieberheim-skouhuis is 7 dae van die week oop: Maan. – Don. 11h00 – 17h00, Vry. – Son. 14h00 – 17h00. Neem die R44 vanaf Stellenbosch na Somerset-Wes, draai oorkant die gholfbaan links in Paradyskloofweg en draai daarna by die tweede pad, Floridaweg, regs. Lieberheim is aan die einde van Floridaweg.



**Tree in verbinding met ons by die skouhuis (02231) 90-1705 gedurende skou-ure of Susan Saaiman (021) 96-7222.**

bellandia


Rembrandt VAN RIJN
FILTER DE LUXE
REMBRANDT VAN RIJN
OOK BESKIKBAAR
IN SUPERIOR MILD
Elke Sigaret 'n Meesterstuk
Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn - die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk - die Meesterstuk in Sigarette.
Room van die Oes
DIE
MEESTERSTUK

RVR 300A